

DIE ANALISE VAN FINANSIËLE STATE
AS HULPMIDDEL VIR BESTUUR

deur

S.J. DU TOIT, B.Com., H.B.A.

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad

MAGISTER BEDRYFSADMINISTRASIE

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

LEIER: PROF. J.H. ELS

JANUARIE 1974

INHOUDSOPGAWEBladsy

ALGEMENE INLEIDING	1
HOOFSTUK 1 - DIE ROL VAN FINANSIËLE STATE IN DIE SAKE- WêRELD	3
1.1 INLEIDING	3
1.2 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN SYFERS IN DIE SAKEWêRELD	4
1.3 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN BYKOMENDE INLIGTING	5
1.3.1 Voorafgaande inligting	5
1.3.2 Ondersoekinformasie	5
1.3.3 Finansiële inligting	5
1.4 GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE STATE EN WAARIN HULLE BELANGSTEL	6
1.4.1 Aandeelhouers	6
1.4.2 Bestuur	6
1.4.3 Korttermynkrediteure	7
1.4.4 Langtermynkrediteure	7
1.4.5 Voornemende beleggers	7
1.4.6 Ouditeure	7
1.4.7 Staatsinstellings	7
1.5 BEPERKINGS VAN FINANSIËLE STATE	8
1.5.1 Die reëls waarvolgens finansiële state opge- stel word	8
1.5.2 Inherente beperkings	9
1.5.3 Opstelling van finansiële state	10

1.5.4	Onkunde by die lesers van finansiële state	10
1.5.5	Beperkings deur statutêre regulasies	10
1.6	VERGELYKINGSMAATSTAWWE	11
1.6.1	'n Voortuitberekende maatstaf	11
1.6.2	'n Maatstaf van vergelykende ooreenstemmende gegewens	11
1.6.3	'n Maatstaf van vergelykende, ooreenstemmende gegewens van gelyksoortige ondernemings	11
1.6.4	'n Maatstaf van empiries aanvaarde standaarde	12
	HOOFSTUK 2 - INTERNE ONTLEDING VAN BALANSSTATE	13
2.1	OMSKRYWING VAN 'N BALANSSTAAT	13
2.2	INTERNE ONTLEDING VAN 'N BALANSSTAAT	14
2.2.1	Bedryfsbates: bedryfslaste	14
2.2.2	Vuurproefverhouding	16
2.2.3	Bedryfslaste: netto tasbare bates	17
2.2.4	Totale laste: netto bates	18
2.2.5	Langtermynlaste: netto bedryfskapitaal	19
2.2.6	Vaste bates: netto tasbare bates	21
2.2.6.1	Koste min waardevermindering	22
2.2.6.2	Markwaarde	22
2.2.6.3	Vervanging min waardevermindering	23
2.2.6.4	Likwidasië	23
2.2.7	Netto verkope tot voorraad	24
2.2.7.2	FIFO	24

(iii)

Bladsy

2.2.7.2	LIFO	25
2.2.7.3	Gemiddelde metode	25
2.2.7.4	Standaardkoste	25
2.2.7.5	"Retail"-metode	26
2.2.7.6	Normale of "base"-voorraad	26
2.2.8	Voorraad tot netto bedryfskapitaal	27
2.2.9	Gemiddelde invorderingstermyn	28
2.2.10	Netto verkope tot netto tasbare bates	30
2.2.11	Netto verkope tot netto bedryfskapitaal	32
2.2.12	Krediteurebetalingstermyn	33
2.2.13	Omsetsnelheid van voorraad	34
2.2.14	Getal dae se verkope in voorraad	37
2.2.15	Totale laste: totale bates	38
HOOFSTUK 3 - VERGELYKENDE ONTLEDING VAN BALANSSTATE		39
HOOFSTUK 4 - INKOMSTESTATE		43
4.1	OMSKRYWING	43
4.1.1	Brutowinsafdeling	45
4.1.1.1	Bruto verkope	45
4.1.1.2	Retoere en toelaes	45
4.1.1.3	Netto verkope	46
4.1.1.4	Koste van goedere verkoop	46
4.1.1.5	Bruto wins	47

4.1.2	Bedryfswinsafdeling	48
4.1.2.1	Administratiewe en algemene uitgawes	48
4.1.2.2	Verkoopkoste	48
4.1.2.3	Voorsiening vir slegte skulde	49
4.1.2.4	Bedryfswins	49
4.1.3	Finale netto wins- of verliesafdeling	49
4.2	ONTLEDING VAN INKOMSTESTATE	51
4.2.1	Manipulasie van winssyfers	52
4.2.2	Interne analise	53
4.2.3	Vergelykende analise	53
4.3	NETTO WINS: EIENAARSELANG	53
4.4	NETTO WINS: NETTO VERKOPE	54
4.5	NETTO INKOMSTE VOOR BELASTING: TOTALE BATES	55
4.6	RENTABILITEIT VAN BUIEBELEGINGS	56
4.7	RENTABILITEIT VAN VREEMDE LANGTERMYNKAPITAAL	56
4.8	RENTABILITEIT VAN DIE BELEGGING IN DIE ONDERNEMING	57
4.9	BRUTOWINSPERSENTASIE	57
4.10	BEDRYFSUITGAWES: VERKOPEVERHOUDINGS	59
4.11	BELEGINGSMAATSTAWWE	60
4.11.1	Verdienste per aandeel	60
4.11.2	Diwidendopbrengskoers	60
4.11.3	Getal kere diwidenddekking	61
4.11.4	Uitbetalingsverhouding	61
4.11.5	Rentabiliteit van belegging	62

(v)

Bladsy

4.11.6	Opbrengs per aandeel	63
4.11.7	Prys/verdiensteverhouding	64
HOOFSTUK 5 - STAAT VAN BRON EN AANWENDING VAN FONDSE		66
5.1	BRONNE VAN FONDSE	66
5.1.1	Netto winste	67
5.1.2	Vermeerdering in laste	67
5.1.3	Vermindering in bates	67
5.1.4	Bydrae van bykomende fondse	67
5.2	AANWENDING VAN FONDSE	68
5.2.1	Netto verlies	68
5.2.2	Vermindering in laste	68
5.2.3	Vermeerdering in bates	68
5.2.4	Vermindering in kapitaalfondse	68
HOOFSTUK 6 - SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING		70
BYLAE - GEVALLESTUDIE		73
DIE VOORSITTER SE OORSIG VIR DIE JAAR		74
'N OPSOMMING VAN VASTE BATES		77
'N OPSOMMING VAN GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE		78
'N GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT		79
'N GEKONSOLIDEERDE WINS- EN VERLIESREKENING		81

(vi)

Bladsy

BYLAE - GROEPERING VAN BALANSSTAAT EN WINS- EN VERLIES- REKENINGITEMS	82
TOEPASSING VAN VERSKILLENDE VERHOUDINGS	83
KOMMENTAAR OP VERHOUDINGS	86
LITERATUURLYS	91

--- oOo ---

ALGEMENE INLEIDING

DOEL VAN DIE STUDIE

Die analise van finansiële state as hulpmiddel vir bestuur het in die hedendaagse sakewêreld, as gevolg van toenemende mededinging, baie belangrik geword. In die lig van bogenoemde is dit dan ook die doel van hierdie studie om 'n ontleding te doen van:

1. die gebruikers van finansiële state; en
2. die gebruik van die verskillende verhoudings deur bestuur vir beheerdoeleindes.

TERREINAFBAKENING

Ten einde 'n begrip te vorm van hoe die analise van finansiële state as hulpmiddel vir bestuur kan dien is dit nodig om die volgende te bespreek:

1. die interne ontleding van balansstate;
2. die vergelykende ontleding van balansstate;
3. die ontleding van inkomstestate; en
4. die staat van bron en aanwending van fondse.

'n Hoofstuk word dan aan elk van die onderwerpe gewy.

METODE VAN STUDIE

Die inligting in hierdie skripsie is hoofsaaklik uit die bestaande literatuur verkry. Die skrywer maak hoegenaamd nie daarop aanspraak dat hierdie studie omvattend is in die sin dat alle beskikbare literatuur oor die onderwerp geraadpleeg is nie. Menings deur die skrywer hierin opgeneem is sy eie; hulle is slegs spekulatief van aard en is nie eksperimenteel getoets nie.

SLOTGEDAGTE

Hierdie skripsie is bedoel as 'n prikkeling tot groter belangstelling en een van die belangrikste redes vir die sukses van enige onderneming.

DIE ANALISE VAN FINANSIËLE STATE AS HULPMIDDEL VIR BESTUUR

HOOFSTUK 1

DIE ROL VAN FINANSIËLE STATE IN DIE SAKEWÊRELD

1.1 INLEIDING

Finansiële state word opgestel om verslag te doen oor en die resultate te bepaal van die transaksies wat gedurende 'n bepaalde tydperk deur 'n onderneming aangegaan is; met ander woorde, of 'n wins gemaak of 'n verlies gely is. Sulke state moet ook 'n objektiewe beeld gee van die totale finansiële stand van 'n onderneming op 'n bepaalde tydstip. Die doel van finansiële state is dus om finansiële inligting oor 'n onderneming aan belanghebbendes te verskaf. Myer¹ stel dit soos volg: "The financial statements provide a summary of the accounts of a business enterprise, the balance sheet reflecting the assets, liabilities, and capital as of a certain date and the income statement showing the results achieved during a certain period." Cilliers² beklemtoon dit ook dat die finale rekeninge van 'n onderneming 'n sistematiese samevatting van die finansiële geskiedenis van die onderneming is.

1. Myer, J.N., *Financial Statement Analysis*, p.1.

2. Cilliers, J.A., *Inleiding tot Ontleding en Vertolking van Finansiële State*, p.11.

Die algemene doel met die ontleding van finansiële state is om -

1. die likwiditeit, solvabiliteit en rentabiliteit van 'n sakeonderneming te bepaal;
2. op grond van die resultate van sodanige ontledings die verdere winsmoontlikhede en toekomstige finansiële stabiliteit van 'n onderneming te probeer be-oordeel.³

1.2 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN SYFERS IN DIE SAKEWÊRELD

Om 'n onderneming te laat slaag, is dit vir die bestuur nodig om 'n fundamentele en duidelike begrip van sake te hê, en dié word weerspieël deur die opsomming en klassifiserings in die balans- en inkomstestaat. Dit is nie vir elke bestuurslid nodig om te weet hoe die state opgestel word nie, maar wel hoe om die state te interpreteer. By elke bestuursbesluit of gebrek daaraan, word die simptome iewers in hierdie state weerspieël.

Die deursneebestuurder dra 'n deeglike kennis van sy inkomstestaat. Indien die wins daal, weet hy waar om uitgawes te besnoei en sal hy dus ook versigtiger wees by die opstel en neem van beleidsbeslissings.⁴

3. Anthony, R.N., *Management Accounting*, pp.1-11.

4. Foulke, Roy A., *Practical Financial Statement Analysis*, p.3.

1.3 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN BYKOMENDE INLIGTING⁵

Bykomende inligting is uiters belangrik vir alle ontledings en kan in die volgende drie hoofafdelings saamgevat word:

1.3.1 Voorafgaande inligting

Dit gaan hier grotendeels om die persone wat aan die stuur van sake is. Dit bevat die volledige sakerekord van elkeen in die bestuur asook dié van die eienaars, indien hulle nie in die bestuur dien nie.

1.3.2 Ondersoekinformasie

Hierdie inligting word verkry van banke en ander instansies met wie die onderneming handel dryf. Uit hierdie inligting kan bepaal word op watter gronde krediet aan die onderneming toegestaan word, hoe gereeld paalemente betaal word, hoeveel lenings daar met of sonder sekuriteit is, ensovoorts.

1.3.3 Finansiële inligting

Dit omvat alle finansiële inligting beskikbaar. Die struktuur van die maatskappy is ook hier van belang, byvoorbeeld of dit 'n filiaalmaatskappy, vervaardigingsmaatskappy, ensovoorts is.

5. Foulke, Roy A., *Ibid.*, pp.51-61.

Die ontleding van finansiële state kan wel sonder enige bykomende inligting gedoen word, maar 'n behoorlike interpretasie van die state daarsonder is onmoontlik.

Bykomende inligting, wat vir alle ontledings uiters belangrik is, help om groter duidelikheid te gee ten opsigte van balansstaatitems wat nie duidelik is nie, asook skommeling in belangrike items.

1.4 GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE STATE EN WAARIN HULLE BELANGSTEL⁶

Finansiële state word deur talle mense gebruik, maar die volgende persone het besondere belang daarby:

1.4.1 Aandeelhouers

Aandeelhouers stel veral belang in die rentabiliteit en finansiële stabiliteit van die onderneming. Hulle wil weet hoe winsgewend die onderneming se fondse aangewend word.

1.4.2 Bestuur

Die bestuur van die onderneming wil graag weet wat die uitwerking is van die beleid wat hulle toepas.

6. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.11.

1.4.3 Korttermynkrediteure

Korttermynkrediteure, soos byvoorbeeld handelskrediteure, wil weet of die onderneming sy skulde stiptelik en voor of op die vervaldatum vereffen; met ander woorde hulle stel belang in die likwiditeit van die onderneming.

1.4.4 Langtermynkrediteure

Langtermynkrediteure, soos byvoorbeeld houers van verbandlenings, stel belang in die rente wat hulle op hul geld kan verdien asook in die veiligheid van hul belegging.

1.4.5 Voornemende beleggers

Voornemende beleggers soek na beleggingsvelde vir hul geld en stel dus veral belang in die toekomsmoontlikhede van die onderneming.

1.4.6 Ouditeure

Ouditeure se belangstelling lê daarin dat hulle moet toesien dat die state aan sekere wetlike vereistes voldoen.

1.4.7 Staatsinstellings

Die staat se belangstelling word veral gemanifesteer deur die Ontvanger van Inkomste en die Departement van Statistiek.

Bogenoemde gebruikers van finansiële state kan slegs die verlangde inligting bekom indien state volledig opgestel is en ontledings en vertolkings oordeelkundig gedoen word.

1.5 BEPERKINGS VAN FINANSIËLE STATE⁷

Die ontleder van finansiële state moet homself vergewis van tekortkomings in daardie state, anders kan sy vertolkings heeltemal verkeerd wees.

Die volgende vyf punte moet altyd in gedagte gehou word by die ontleding van finansiële state:

1.5.1 Die reëls waarvolgens finansiële state opgestel word

Die reëls en beginsels waarvolgens finansiële state opgestel word, verskil van maatskappy tot maatskappy, hoofsaaklik omdat daar geen algemene ooreenstemming is oor watter beginsels geld nie, almal nie die algemeen aanvaarde beginsels toepas nie, en die beginsels nie eenvormig toegepas word nie. Voorraad kan byvoorbeeld op verskillende maniere gewaardeer word, ontwikkelingskoste kan óf afgeskryf óf as 'n bate gekapitaliseer word en voorsiening vir waardevermindering kan van maatskappy tot maatskappy verskil.

7. Anthony, R.N., *op.cit.*, pp.267-276.

Hierdie saak word slegs genoem ter volledigheid maar is hier geensins volledig bespreek nie.

1.5.2 Inherente beperkings

1.5.2.1 In finansiële state word van monetêre eenhede gebruik gemaak. Nêrens in die state word daar melding gemaak van byvoorbeeld die bestuur, ander werknemers, die uitwerking van kragte buite die onderneming en ander nie-monetêre inligting wat noodsaaklik is om die onderneming volkome te verstaan nie.

1.5.2.2 Finansiële state word noodwendig deur die raming van toekomstige gebeure beïnvloed. Aangesien dit onmoontlik is om toekomstige gebeure te omlin, moet syfers wat op die toekoms betrekking het, noodwendig by benadering wees.

1.5.2.3 Die beskrywing van inskrywings op die balansstaat is onvoldoende. Voorraad kan byvoorbeeld uit 'n groot hoeveelheid uiteenlopende items, waarvan party waardevol en ander feitlik waardeloos is, bestaan.

1.5.2.4 Die waardasie van inskrywings op die balansstaat is nie noodwendig eenvormig nie. Sommige items het presiese waardes byvoorbeeld kontant en debiteure, terwyl andere op menings, byvoorbeeld boekwaardes van vaste bates gegrond is.

1.5.2.5 Finansiële state is histories van aard aangesien beleggers die state eers 'n paar maande ná die einde van die finansiële jaar kry en dan weerspieël die state ook net wat in die verlede gebeur het.

1.5.3 Opstelling van finansiële state⁸

Die belangrikste foute wat by die opstel van finansiële state begaan word, is die volgende:

- 1.5.3.1 Daar is nie 'n logiese volgorde in die state nie.
- 1.5.3.2 Items word nie korrek gegroepeer nie.
- 1.5.3.3 Daar word nie genoeg besonderhede verskaf nie.
- 1.5.3.4 Konstruksie en terminologie is nie standaard nie.

1.5.4 Onkunde by die lesers van finansiële state

Finansiële state word in tegniese taal voorberei en onkunde of gebrek aan tegniese opleiding kan daartoe lei dat verkeerde afleidings gemaak word van die inligting wat in die state verstrekk word.

1.5.5 Beperkings deur statutêre regulasies

Die Maatskappywet (nr. 46 van 1926 soos gewysig), verplig maatskappye om 'n sekere minimum inligting te verskaf. Maatskappye verstrekk nou net hierdie minimum inligting en laat ander belangrike inligting weg.

8. Goldberg, L., *An Outline of Accounting*, pp.133-136.

1.6 VERGELYKINGSMAATSTAWWE

Om rekenkundige data sinvol te vertolk, is dit nodig dat vergelykings getref word. Die wins wat 'n maatskappy maak, word eers betekenisvol wanneer dit vergelyk word met byvoorbeeld dié van 'n soortgelyke maatskappy of met die winste van vorige jare. Die gebruiklikste vergelykingsmaatstawwe is volgens Cilliers⁹ die volgende:

1.6.1 'n Voortuitberekende maatstaf

Daar word vooruit bepaal wat die gegewens in bepaalde omstandighede behoort te wees. Dit is 'n baie goeie maatstaf, maar is slegs beskikbaar waar 'n onderneming 'n behoorlike stelsel van begrotingsbeheer het.

1.6.2 'n Maatstaf van vergelykende ooreenstemmende gegewens

Ooreenstemmende gegewens ten opsigte van 'n voorafgaande tydperk vir dieselfde onderneming word vergelyk met huidige gegewens. Ontwikkelingstendense kan op dié wyse afgelei word.

1.6.3 'n Maatstaf van vergelykende, ooreenstemmende gegewens van gelyksoortige ondernemings

Hier word die onderneming se gegewens vergelyk met ooreen-

9. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.14.

stemmende gegewens van soortgelyke ondernemings. Die maatstaf word algemeen toegepas by inter bedryfsvergelykings.

1.6.4 'n Maatstaf van empiries aanvaarde standarde

Die bankierpraktyke het heelwat sulke standarde opgebou, byvoorbeeld dat die verhouding van vlottende bates tot vlottende laste nie kleiner as 2:1 vir 'n handelsonderneming behoort te wees nie. Hierdie standarde word dikwels gebruik waar beter standarde ontbreek.

HOOFSTUK 2

INTERNE ONTLEDING VAN BALANSSTATE

2.1 OMSKRYWING VAN 'N BALANSSTAAT¹

'n Balansstaat is 'n staat wat die bates en laste van 'n onderneming aantoon en is 'n weerspieëling van die finansiële posisie van so 'n saak.

Die samestelling van 'n balansstaat is soos volg: (buitengewone balansstate uitgesluit)

LASTE

Eienaarsbelang (aandeelhoudersbelang): Aandelekapitaal, kapitalereserwes en inkomstereserwes.

Langtermynverpligtinge: Lenings en obligasies.

Bedryfslaste en voorsienings: Krediteure, oortrokke bank, voorsiening vir diwidende en opgehoopte uitgawes.

BATES

Vaste bates: Grond en geboue, masjinerie en toerusting en voertuie.

Bedryfsbates: Debiteure, voorrade, kontant in bank en ontvangwissels.

1. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.70-140.

Ander bates: Beleggings: (i) Handelsbelegging;
 (ii) In filiaalmaatskappye;
 (iii) Genoteerde beleggings;
 (iv) Ongenoteerde beleggings.

Ontasbare bates: Klandisiewaarde, oprigtingskoste, stigtingskoste en patentregte.

By wyse van aantekeninge moet aangetoon word waar daar besonderhede van belang is wat nie deur die balansstaat aangetoon word nie, byvoorbeeld waar voorraad teen hoër as die werklike koste gewaardeer word. Waar moontlik, moet daar ook vergelykende syfers verstrek word.

2.2 INTERNE ONTLEDING VAN 'N BALANSSTAAT

Wanneer syfers of een groep syfers met 'n ander syfer of groep syfers op dieselfde finansiële state vergelyk word en sekere verhoudings daarvan afgelei word, praat ons van die interne ontleding van 'n balansstaat.

Onderstaande verhoudings kan van finansiële state afgelei word om as hulpmiddel vir die bestuur te dien:

2.2.1 Bedryfsbates: bedryfslaste²

Hoe groter hierdie verhouding is, hoe meer likied is die onderneming.

2. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.178-204.

Aangesien die bedryfskapitaalverhouding 'n maatstaf is wat toestande op 'n gegewe tydstip aandui, moet dit nie sonder meer gebruik word om toekomstige finansiële toestande te peil nie. Waar 'n vooruitskatting van die verhouding gemaak word, moet dit gedurig aangepas word na gelang vlottende bates en laste verander.

Die bedryfskapitaalverhouding word ook beperk deur die feit dat die kwaliteit van die vlottende bates nie altyd bekend is nie. 'n Onderneming kan byvoorbeeld 'n gunstige bedryfskapitaalverhouding hê en nogtans nie in staat wees om sy vlottende laste te vereffen nie omdat sy voorraad grootliks uit onverkoopbare items bestaan, of omdat debiteure nie invorderbaar is nie.

Een van die voordele van die bedryfskapitaalverhouding is dat dit oorbedryf aandui. Oorbedryf vind plaas wanneer 'n maatskappy 'n groter volume besigheid hanteer as wat sy likwiede posisie hom toelaat.

Daar is nie 'n algemeen aanvaarde bedryfskapitaalverhouding nie en elke onderneming moet afsonderlik beskou word. Die volgende stelling van Cilliers³ moet nie as 'n vaste reël beskou word nie: "Konserwatiewe bankpraktyk het die empiriese maatstaf gestel dat die balansstaatwaarde van die bedryfsbates van 'n gesonde likwiditeitstandpunt in 'n handelsonderneming minstens

3. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.15.

twee keer soveel as die waarde van die bedryfslaste moet wees, dit wil sê, dat die bedryfskapitaalverhouding minstens 2 tot 1 moet wees. Moderne bankpraktyk is om 'n verhouding van minder as 2 tot 1 te aanvaar, afhangende van die soort onderneming en die karaktereienskappe van die persone verantwoordelik vir die bestuur."

Hierdie verhouding weerspieël die relatiewe grootte van bedryfsbates vergeleke met lopende skulde, en hieruit kan die bestuur bepaal wat die finansiële posisie van die onderneming is. Die bestuur kan nou vasstel wat die moontlikhede is dat die onderneming nog sy krediteure sal kan betaal in die geval van 'n daling in die waarde van sy bates.

Hoe groter die verhouding bedryfsbates:bedryfslaste, hoe beter is die onderneming in staat om sy korttermynverpligtinge na te kom. Hierdie verhouding is egter ietwat onverfynd aangesien die likwiditeit van die individuele bates nie as sodanig ontleed word nie. Om hierdie tekortkoming te oorkom, word van die vuurproefverhouding gebruik gemaak.

2.2.2 Vuurproefverhouding⁴

Die vuurproefverhouding is 'n maatstaf van watter likwiede bronne onmiddellik beskikbaar is om bedryfsverpligtinge na te kom. Die verhouding word soos volg bereken:

4. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.15.

vlottende bates - voorrade
vlottende laste

Die verhouding word die voorproefverhouding genoem omdat dit van die drastiese standpunt uitgaan dat slegs kontant, korttermynbeleggings, ontvangbare wissels en korttermyndebiteure beskikbaar sal wees om vlottende laste te vereffen, terwyl 'n gedeelte van die voorrade in die meeste gevalle gerealiseer sal wees voordat alle vlottende laste betaalbaar is. 'n Verhouding van 1:1 word as aanvaarbaar beskou omdat dit beteken dat vlottende bates wat vinnig in kontant omgeskep kan word, gelyk is aan vlottende laste.

2.2.3 Bedryfslaste: netto tasbare bates⁵ (eienaarsbelang/aandeelhoudersbelang)

Dié verhouding is baie belangrik aangesien dit die fondse waaroor krediteure tydelik in die onderneming beskik as gevolg van die skuld van die onderneming aan hulle, teenoor die fondse wat permanent deur die eienaars belê is, stel. Aangesien die eienaarsbelang (netto tasbare bates) as waarborg vir die delging van die skuld aan die krediteure dien, is dit duidelik dat hoe kleiner die eienaarsbelang en hoe groter die laste is, hoe minder sekuriteit daar gewoonlik vir krediteure is. Indien die laste aanhoudend uitbrei, sal daar 'n punt bereik word waar 'n onderneming al hoe afhankliker van krediet raak

5. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.207-229.

vir die voortsetting van sy daaglikse bedrywighede en raak dit al hoe moeiliker om sy verpligtinge betyds na te kom. In die geval van klein ondernemings moet die bedryfslaste nie meer as twee-derdes van die eienaarsbelang wees nie en in die geval van groot ondernemings nie meer as drie-kwart nie.

Kennis van dié verhouding is vir die bestuur van groot hulp want daardeur kan hulle bepaal watter belang krediteure in die onderneming het. Die bestuur moet poog om die verhouding so laag as moontlik te hou om te voorkom dat langtermynbates met korttermynkrediet finansier word.

2.2.4 Totale laste: netto tasbare bates⁶ (eienaarsbelang/aandeelhoudersbelang)

By die meeste ondernemings is die syfers van bedryfslaste en totale laste dieselfde. Dit is eers wanneer verbande, obligasies, ensovoorts (met ander woorde, laste waarvan die termyn langer as 'n jaar is) daar bykom dat daar 'n verskil tussen die bedryfslaste en die totale laste ontstaan. Langtermynskuld word feitlik nooit by klein ondernemings aangetref nie, met die gevolg dat laasgenoemde soort onderneming dan ook nie van dié verhouding gebruik kan maak nie.

Totale laste bestaan dus uit alle bedryfslaste plus alle langtermyngeldlaste. Die verval of aflosdatums van langtermyn-

6. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.232-253.

skulde moet dus aan die ontleder van die finansiële state bekend wees, aangesien lenings wat binne een jaar terugbetaalbaar is, as bedryfslaste beskou word.

Die verhouding van totale laste tot eienaarsbelang mag nooit meer as honderd persent wees nie. Indien die totale laste die eienaarsbelang oorskry, het die krediteure 'n groter belang in die onderneming as die eienaars of aandeelhouders en dit kan laasgenoemdes se taak baie bemoeilik.

Die verhouding staan ook bekend as die eienaarskaphouding en afleidings kan gemaak word tot watter mate die onderneming op vreemde kapitaal steun. Uit die oogpunt van die bestuur is vreemde kapitaal riskant, want as verbandhouders en ander krediteure nie betyds betaal word nie, kan daar geregtelike stappe teen die onderneming gedoen word en in uiterste gevalle kan die onderneming selfs insolvent verklaar word. Eie kapitaal is nie riskant nie, want aandeelhouders ontvang diwidende op aanbeveling van die direkteure.

2.2.5 Langtermynlaste: netto bedryfskapitaal⁷

Langtermynlaste is alle skulde waarvan die aflostermyn langer as een jaar vanaf die balansstaatdatum is. 'n Ope verband met geen verval dag nie, is 'n bedryfslas. 'n Betaalwissel van twee jaar sal die eerste jaar 'n langtermynlas wees en die

7. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.257-275.

tweede jaar 'n bedryfslas. Die algemeenste vorm van 'n langtermynlas is die verband op grond en geboue.

Netto bedryfskapitaal is bedryfsbates min bedryfslaste.

Langtermynlaste word geklassifiseer na aanleiding van die onderskryfde sekuriteit, soos byvoorbeeld geen sekuriteit, eerste verband, tweede verband, derde verband, algemene verband, waarborg, ensovoorts. Dit kan ook geklassifiseer word na aanleiding van die betaling van rente.

Dit is van groot belang om te weet watter sekuriteite in elke geval belas is, want indien daar finansiële probleme ontstaan, beteken dit dat sommige krediteure voorkeur sal geniet. Daar kan ook bepalings wees dat sekere minimum verhoudings deur die onderneming gehandhaaf moet word. Waar daar wel sulke bepalings is, gaan dit meermale gepaard met definisies van die items, soos byvoorbeeld bedryfslaste, bedryfsbates, totale laste en eienaarsbelang, of hoe dit bereken moet word. Wanneer die bepalings dan bewustelik of onbewustelik verbreek word, kan die trustees van die langtermynbeleggers stappe doen om die krediteure te beskerm, of die krediteure kan dit self doen.

Langtermynlaste behoort nie die bedryfskapitaal te oorskry nie, dit wil sê, nie 'n verhouding van meer as honderd persent nie. Waar die langtermynlaste meer is, is daar 'n ongebalans-

seerde verhouding. Die kapitaal van die onderneming is te vas belê in stadige bates, terwyl die saak vir sy daaglikse bedrywighede op geleende langtermyn fondse moet staatmaak.

Hierdie verhouding is van groot hulp vir die bestuur omdat dit 'n ongebalanseerde verhouding in die kapitaalstruktuur van die onderneming sal aantoon. Langtermynlaste moet die netto bedryfskapitaal nooit oorskry nie. Waar die langtermynlas te swaar is, is dit 'n teken dat die hele bedryfskapitaal van die onderneming in stadig bewegende bates vasgevang is, en dat die onderneming vir sy daaglikse bedrywighede van geleende langtermynfondse afhanklik is.

2.2.6 Vaste bates: netto tasbare bates⁸ (eienaarsbelang/aandeelhoudersbelang)

Vaste bates is daardie bates wat van relatief permanente aard is. Grond, geboue, masjinerie en toerusting, meubels en kantoortoerusting en verbeterings is voorbeelde van dié soort bate.

Hierdie items verteenwoordig 'n groot deel van die eienaarsbelang in ondernemings wat te doen het met byvoorbeeld sandwerke, pyplyne, myne, ensovoorts. By vervaardigingsondernemings vorm dit ook 'n redelike gedeelte van die eienaarsbelang, maar by groot-handelaars 'n heelwat kleiner gedeelte.

8. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.279-297.

Vaste bates se waardes hang van die metode van waardering af.
Die volgende metodes is die belangrikste:

2.2.6.1 Koste min waardevermindering

Die algemeenste metode van waardering is die koste (van grond, geboue, masjinerie, ensovoorts) teen kosprys, min waardevermindering. By geboue is dit geboue teen kosprys, plus gekapitaliseerde verbeterings min waardevermindering. Dié metode is redelik konstant, maar hou nie rekening met die ekonomiese waarde nie. Koste kon inflasionisties of deflasionisties beïnvloed gewees het, of verbeterings is miskien nie gekapitaliseer nie, maar as 'n uitgawe beskou, terwyl herstelwerk en onderhoud wat gewoonlik onder uitgawes geallokeer word, moontlik gedeeltelik of in geheel gekapitaliseer is. Waardevermindering kan verder te hoog of te laag wees, iets wat die waarde van die bates ook sal beïnvloed. Verder sal die tegniek of metode om waardevermindering te bereken ook die boekwaarde beïnvloed.

2.2.6.2 Markwaarde

Markwaarde word feitlik nooit gebruik nie. In die praktyk is daar geen verhouding of verband tussen die waarde van vaste bates op die balansstaat en die markwaarde nie.

2.2.6.3 Vervanging min waardevermindering

Wanneer 'n groot onderneming aangekoop of gekonsolideer word, is dit hoogs wenslik en noodsaaklik om die bestaande vervangingswaarde van die bates min waardevermindering te bepaal, aangesien die vroeër aangegeve waarde van die bates kan verskil van hul werklike ekonomiese waarde.

2.2.6.4 Likwidasie

Likwidasiewaarde is die minimum waarde by waardering. Dié waardebepaling geskied nie soos in eersgenoemde drie gevalle waar die onderneming nog voortbestaan nie, maar wel waar bankrot-skap onvermydelik is en die vaste bates dan gewaardeer word. Dit is dus die laagste basis, die minimum wat verkry kan word by 'n gedwonge verkoop in ongunstige omstandighede.

By die bepaling van vaste bates vir die doeleindes van hierdie verhouding, moet beleggings en ander bates ook in berekening gebring word.⁹

Hierdie verhouding toon aan die bestuur watter gedeelte van die kapitaal in vaste bates belê is. Indien 'n te groot gedeelte van die netto tasbare bates (eienaarsbelang) in vaste bates belê is, het die onderneming 'n tekort aan bedryfskapitaal,

9. Klasaantekeninge.

met die nadelige gevolg dat die onderneming òf aan oorbedryf onderhewig is òf noodgedwonge 'n langtermynlening moet aangaan om vir genoegsame bedryfskapitaal te sorg.

'n Verhouding van $66\frac{2}{3}$ persent tot 75 persent van die eienaarsbelang, is 'n redelike hoeveelheid om in vaste bates te belê.

'n Nog kleiner persentasie sal selfs geskikter wees.

2.2.7 Netto verkope tot voorraad¹⁰

Die verhouding van die voorraadsyfer in die balansstaat is van groot belang en moet dus reg gewaardeer word. By die waardering van voorraad word daar gewoonlik van die volgende ses metodes gebruik gemaak:

2.2.7.1 Fifo

Die eerste-in, eerste-uitmetode word nog steeds veel in die praktyk gebruik. Volgens dié metode word die koste van elke artikel bepaal volgens die laaste hoeveelheid aangekoop of geproduseer. Dit is gegrond op die veronderstelling dat die oudste materiaal of klaar vervaardigde goedere eerste gebruik word, veral by ondernemings waar materiaal aan verrotting onderworpe is.

10. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.302-331.

2.2.7.2 Lifo

Die tweede metode van voorraadwaardering is die laaste-in, eerste-uitmetode. Hiervolgens word daar van die veronderstelling uitgegaan dat die werklike koste van 'n artikel dié is wat so naby as moontlik aan die markwaarde van die produk is. Die Lifo metode van voorraadwaardering het die voordeel dat die voorraad aan die einde van 'n finansiële jaar gewoonlike baie konserwatief gewaardeer word. Daar word dus gewoonlik 'n regstelling na die inkomsterekening gemaak.

2.2.7.3 Gemiddelde metode

Hierdie metode is algemeen in die tabaknywerheid omdat die verskillende soorte tabak in die voorraadopname baie in koste verskil en hierdie metode kan dus 'n redelik gemiddelde koste weergee. Daar word gebruik gemaak van aangepaste gemiddelde.

2.2.7.4 Standaardkoste

Hierdie metode word deur vervaardigers gebruik om hulle vervaardigde produk te waardeer. Standaardkoste word vooraf volgens die spesifikasies van die produkte bepaal, met ander woorde, hoeveel materiaal, arbeid en bedryfskoste in die produk gebruik word. Dit is dus eerder 'n teorie van wat koste behoort te

10. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.302-331.

wees as wat dit werklik is. Die verskil tussen standaard-koste en werklike koste word reggestel wanneer daar fisiek voorraad geneem word.

2.2.7.5 "Retail"-metode

Volgens hierdie metode word voorraad gewaardeer volgens die markprys of gemiddelde koste, afhangende van watter een die laagste is. Vir die kleinhandel is dit 'n baie goeie metode van waardasie, alhoewel die Lifo-waardasiemetode die afgelope paar jaar al hoe meer veld wen.

2.2.7.6 Normale of "base"-voorraad (basis)

Hier word daar bepaal wat die minimum voorraad moet wees en dit word dan so laag gewaardeer dat die werklike koste nooit laer kan daal nie. Die balans van die voorraad kan dan teen enige ander metode gewaardeer word. Die volgende voorbeeld sal meer duidelikheid oor dié metode gee:

Indien 500 000 ton koper die basiese voorraad is, kan die voorraad van 1 100 000 ton soos volg gewaardeer word:

500 000 ton teen basisprys, 10c per pond =	R50 000
600 000 ton teen FIFO:	
400 000 ton teen R32c per pond	R128 000
200 000 ton teen 36c per pond	<u>72 000</u>
Totale waarde	<u>R250 000</u>

Swaar en groot voorraad moet vermy word, net soos oorbelegging in vaste bates of groot laste. Daar bestaan geen vaste standaard nie; voorrade moet net altyd binne perke gehou word, met ander woorde, nie te hoog of te laag nie.

Vir die bestuur is hierdie verhouding 'n metode om die doeltreffendheid van elke rand wat in die voorraadomset belê is, te meet. 'n Te lae verhouding kan daarop dui dat daar items is wat afgeskryf behoort te word, of dat die voorraadbeheer swak is.

2.2.8 Voorraad tot netto bedryfskapitaal¹¹

Die verhouding van verkope tot voorraad moet aangevul word deur die verhouding van voorraad tot bedryfskapitaal. Die verhouding verkope tot voorraad kan misleidend wees, want as verkope styg, styg die voorraad ook. Soos die verkope vermeerder, vermeerder die invorderbare bedrag ook. Met die styging in laasgenoemde twee items, moet die bedryfslaste ook vermeerder, met die gevolg dat die bedryfslaste aan die einde van die periode baie hoog in verhouding tot die bedryfsbates of eienaarsbelang is. Daarom is dit belangrik dat dit deur die verhouding voorraad tot bedryfskapitaal aangevul moet word.

Die verhouding tussen verkope en voorraad omvat twee veranderlikes wat dikwels van jaar tot jaar verskil. Waar albei in

11. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.334-354.

dieselfde verhouding verander, bly die verhouding dieselfde, en so iets kan onopgemerk na 'n ongesonde toestand lei.

Die verhouding tussen die voorraad en die bedryfskapitaal is 'n verhouding tussen een veranderlike (die voorraad) en een items wat van jaar tot jaar baie min verander, met die gevolg dat dit 'n relatief vaste grondslag vir 'n vergelyking bied. By 'n groot volume sal daar 'n redelik omlynde en vaste verhouding bestaan.

In die klein onderneming moet die voorraad nie meer as 75 persent van die netto bedryfskapitaal wees nie, en by groter ondernemings nie meer as 100 persent nie.

Hierdie verhouding gee aan bestuur 'n aanduiding van watter gedeelte van die onderneming se bedryfskapitaal in voorraad belê is. Deur dit met soortgelyke ondernemings te vergelyk, kan daar bepaal word of die verhouding redelik is.

2.2.9 Gemiddelde invorderingstermyn

In die meeste ondernemings is debiteure om verskeie redes van die grootste belang. Hoe langer 'n rekening onvereffen bly, hoe groter word die gevaar dat dit oninvorderbaar sal word. Ook vermeerder die invorderingskoste ooreenkomstig die ouderdom van 'n rekening. Waar geld in debiteure belê is, word

bedryfskapitaal benodig, verhoog en die rentabiliteit van die belegging verminder.¹² Debiteure kan dus 'n uiters belangrike invloed op likwiditeit hê.

Debiteure behoort in 'n redelike verhouding tot verkope te wees. Die verkoopvolume kan in 'n groot mate deur kredietverlenging verhoog word, en verkoopmanne is geneig om soveel krediet toe te staan dat die gewone perke van die onderneming oorskry word. 'n Gemiddelde kredietperiode moet dus deur die bestuur neergelê word en as dit die werklike standaard oorskry, moet stappe gedoen word om dit reg te stel.

Die gemiddelde invorderingsperiode word soos volg bereken: Verkry die jaarlikse netto kredietverkope en deel deur 365 om die gemiddelde kredietverkope per dag te kry. Neem die totaal van die invorderbare rekenings en wissels gedeel deur die gemiddelde netto kredietverkope per dag om 'n syfer te kry wat die gemiddelde invorderingsperiode verteenwoordig. Kontantverkope word buite rekening gelaat. Indien die netto kredietverkope vir ses maande is, word dit deur 182,5 dae gedeel ensovoorts. Toelating vir slegte skuld word afgetrek sodat daar met die netto syfer gewerk kan word.

Kennis wat met die ontleding van finansiële state opgedoen is, het getoon dat die gemiddelde invorderingsperiode nie meer as

12. Walker, E.W. and W.H. Baugh, *Financial Planning and Policy*, pp.78-79.

'n derde groter moet wees as die afbetalingstydperk nie.

Waar die voorwaardes dertig dae is, moet die gemiddelde invorderingsperiode nie meer as $30 + (\frac{1}{3} \times 30) = 40$ dae wees nie.¹³

Vir die bestuur is dit van groot belang om gereeld op die debiteure-invorderingstermyn te let. Indien invordering nie gereeld geskied nie, het dit 'n direkte invloed op die likwiditeit van die onderneming. Dit is ook aan die bestuur 'n aanduiding of die kredietbestuurder behoorlik oor die invordering toesig hou. Indien 'n onderneming 'n tekort aan kontant het, kan die bestuur, deur op die invorderingstermyn te let, 'n belangrike geldbron uit debiteure verkry.

2.2.10 Netto verkope tot netto tasbare bates¹⁴

Dit staan ook bekend as die aktiwiteitsverhouding omdat dit die aktiwiteit van die beleggings in die onderneming aantoon. 'n Te hoë verhouding kan dui op 'n oormatige sakevolume, te min kapitaal en gevolglik die oorgebruik van krediet.

By dié verhouding ontstaan die terme oorbedryf en onderbedryf. Oorbedryf vind plaas waar daar 'n oormatige hoeveelheid netto verkope is in verhouding tot eienaarsbelang. Daar moet dus van geleende geld gebruik gemaak word, bedryfslaste word hoër en dit kan 'n ongunstige toestand skep. By onderbedryf vind

13. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.358-386.

14. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.389-412.

die teenoorgestelde plaas; dit staan met ander woorde op 'n te klein hoeveelheid netto verkope in verhouding tot eienaarsbelang.

Die oplossing vir oorbedryf lê in die belegging van bykomende kapitaal in die onderneming om die eienaarsbelang hoër te kry, of indien bykomende geld nie verkry kan word nie, verkope te verminder.

Die vermindering van kapitaal is in die meeste gevalle van oorbedryf ondoeltreffend aangesien die volume te klein is om voldoende wins op enige kapitalisasie te lewer. Die oplossing van die probleem kan gevind word in 'n ontleding van die inkomstestate.

Net soos in die geval van die verhouding netto verkope tot voorraad kan ook hier geen besliste standaard gegee word nie.

Indien die verhouding meer as twee keer groter is as die ^{bedryf} gemiddelde vir die spesifieke afdeling van die handel, kan oorbedryf plaasvind.

Die verhouding netto verkope tot netto tasbare bates toon aan die bestuur die aktiwiteit van die belegging in die onderneming, en die verhouding tussen die volume sake gedoen en die belegging. Deur die gebruik van hierdie verhouding kan die bestuur voorkom dat die onderneming se finansiële posisie deur oorbedryf in gevaar gestel word.

2.2.11 Netto verkope tot netto bedryfskapitaal¹⁵

Dit staan ook as 'n aktiwiteitsverhouding bekend. Dit gebeur dikwels dat 'n mens te doen kry met 'n situasie waar die verhouding netto verkope tot eienaarsbelang heeltemal goed is, maar dat die verhouding van netto verkope tot bedryfskapitaal te hoog is. Dit vind plaas waar daar te veel fondse belê word in vaste of stadige bates, met 'n klein hoeveelheid bedryfskapitaal tot gevolg.

Dit is wenslik om albei hierdie verhoudings te gebruik, want hulle is komplementêr en die een toon soms iets wat die ander nie uitwys nie. 'n Hoë verhouding van netto verkope tot bedryfskapitaal kan wees as gevolg van oorbedryf, of dit kan toon dat bykomende kapitaal nodig is om 'n ongebalanseerde struktuur as gevolg van 'n te hoë belegging in vaste bates, reg te kry. 'n Lae verhouding is die gevolg van onderbedryf, of dit kan toon dat meer geld in 'n spesifieke besigheid belê is as wat behoorlik tot voordeel gebruik kan word. Daar is hier ook geen vaste standaard nie. Die verhouding wissel tussen die verskillende vervaardigers, groot- en kleinhandelaars, asook die verskillende lyne van bedrywigheid in elk van hierdie genoemde ondernemings.

15. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.418-435.

By die groothandelaar is daar 'n neiging tot 'n hoër verhouding as gevolg van groter netto verkope. Dit is hier wenslik om van vasgestelde tabelle gebruik te maak.

Hierdie verhouding toon aan die bestuur wat die grootte van die bedryfskapitaal is in verhouding tot netto verkope. Indien die verhouding te hoog is, is dit 'n waarskuwing aan die bestuur dat daar 'n te groot gedeelte van kapitaal in stadig bewegende bates belê is en 'n toestand van oorbedryf, met sy nadelige gevolge, ontstaan.

2.2.12 Krediteurebetalingstermyn

Die krediteurebetalingstermyn is belangrik aangesien dit die likwiditeit van die onderneming en ook die finansieringsbeleid beïnvloed.

Krediteurebetalingstermyn in dae = $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times 365$

'n Onderneming in 'n swak likwiditeitsposisie kan sy finansiële posisie verbeter en terselfdertyd die rentebetalings aan die bank verminder as daar met die krediteure ooreengekom kan word vir die verlenging van die betalingstermyn.

As die krediet aankope vir die jare byvoorbeeld R120 000 beloop en die gemiddelde uitstaande krediteure R10 000 is, dan is die

krediteurebetalingstermyn 30 dae: $\left(\frac{10\ 000}{120\ 000} \times 365 \right)$

Indien krediteure nou oor 60 dae betaal sou word, is die uitstaande krediteure R20 000. Indien rente 10 persent per jaar is, is die besparing R1 000: (10% van (20 000 - 10 000)).

In die praktyk praat ons gewoonlik van aantal dae uitstaande en nie van maande nie, daarom dat die betalingstermyn uitgedruk word in dae.

Wanneer op die finansieringsbeleid van die onderneming besluit word, is die krediteurebetalingstermyn ook van belang. Diskonto's wat krediteure vir spoedige betaling aanbied, moet opgeweeg word teen die rente wat betaal sal moet word op finansiering.

Volgens Cilliers¹⁶ kan heelparty insiggewende afleidings gemaak word oor die korttermynfinansieringsbeleid van die onderneming deur slegs die krediteurebetalingstermyn te ontleed. Die bestuur moet bewus wees van die vernaamste leweransiers se kredietvoorwaardes en dít, tesame met vergelykende syfers van vorige jare, kan tot groot hulp wees by die ontleding van die onderneming se kapitaalstruktuur.

2.2.13 Omsetsnelheid van voorraad¹⁷

Die omsetsnelheid van voorraad is die getal kere wat voorrade gedurende 'n rekenkundige periode verkoop en vervang is.

16. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.27.

17. Langhout, J., *Analysis and Interpretation of Accounts*, pp.43-44.

Dit word soos volg bereken:
$$\frac{\text{Kosprys van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$$

Die gemiddelde voorraad word bereken om seisoensinvloede te verminder en voorkeur moet gegee word aan die gemiddelde oor twaalf maande.

Dit is nie altyd moontlik om twaalf maande se gemiddelde te bekom nie; dan kan die gemiddelde van die begin- en eindvoorraad gebruik word om die omsetsnelheid te bereken. In laasgenoemde geval moet gevolgtrekkings egter met omsigtigheid gemaak word, want voorraadkoste is op 'n sekere tydstop terwyl die koste van verkope oor 'n hele tydperk strek. Seisoenskommeling en spesiale verkope kan daarby betrokke wees en koste kan deur prysveranderinge beïnvloed word. Ook is die eindvoorrade nie noodwendig verteenwoordigend van voorrade voorhande gedurende die jaar nie. Eindvoorrade kan ook hoër wees omdat daar 'n prysstyging verwag word. Eindvoorrade kan weer laer wees omdat minder verkope verwag word òf as gevolg van laer aankooppryse, of omdat die likwiditeit verhoog moes word.

Wanneer voorrade van maatskappye met mekaar vergelyk word, of in dieselfde maatskappy van jaar na jaar, is dit belangrik om seker te maak dat vergelykbare syfers met mekaar vergelyk word. In 'n periode van stygende pryse, byvoorbeeld, sal die waarde van voorraad teen laaste-in-eerste-uit gewaardeer laer wees as dié gewaardeer teen eerste-in-eerste-uit. 'n Verskil in omsetsnelhede tussen maatskappye in dieselfde bedryfstak kan die

gevolg wees van verskille in voorraadwaardasie, verkoopbeleid, doeltreffendheid en/of voorraadbeheer.

Die voorraadomsetsnelheid sal van bedryfstak tot bedryfstak verskil. Waar voorrade byvoorbeeld hoogs bederfbaar is, sal die omsetsnelheid hoog wees; in die geval van luukse artikels weer is dit laer. 'n Lae voorraadomsetsnelheid kan te wyte wees aan 'n periode van lae konjunktuur, aan oorbelegging in voorraad of die ophoping van voorraad weens verwagte hoër pryse of verkope, of aan die insluiting van onverkoopbare items of voorrade wat te hoog waardeer is.

'n Hoë omsetsnelheid bring nie noodwendig relatief hoë netto winste mee nie omdat winste dalk opgeoffer is om 'n hoë verkoopvolume te verkry. Daarby is die verkoopprijs van goedere miskien verlaag om die omsetsnelheid van voorraad te verhoog. Ook kan 'n hoër omsetsnelheid 'n oneweredige verhoging in verkoops- en administratiewe uitgawes teweegbring het.

Die bestuur kan uit hierdie verhouding die doeltreffendheid van sy verkoop- en produksiepersoneel bepaal. Hoe meer maal per jaar die voorraad verkoop word, hoe doeltreënder is die verkooppersoneel.

2.2.14 Getal dae se verkope in voorraad¹⁸

In hierdie geval word nie van die gemiddelde voorraad gebruik gemaak nie, maar wel van die eindvoorraad:

$$\frac{\text{Eindvoorraad}}{\text{Verkope teen kosprys}} \times 365$$

'n Onderneming behoort 'n voorraad te hê wat in 'n redelike verhouding tot sy verkope staan. So kan redelikerwys verwag word dat 'n onderneming met verkope ten bedrae van 'n miljoen rand gewoonlik 'n groter voorraad sal hê as een in dieselfde bedryfstak met verkope van 'n kwartmiljoen rand.

Die eindvoorraad is die gemiddelde van die totale voorraad.

Individuele items kan aansienlik verskil. Vir bestuur, om meer inligting te verkry kan departementele omsetsnelhede bepaal word. Indien 'n rekenaar gebruik word kan dit vir individuele items ook bepaal word.

Om te kan besluit of 'n onderneming se voorraad normaal is, moet 'n mens kennis dra van die benodigdhede van die betrokke soort onderneming. Voorraadbeheer is een van die moeilike probleme van bestuur, want die voorraad moet groot genoeg wees om aan die behoeftes van die onderneming te voldoen, maar dit moet nie te groot wees nie, aangesien dit koste verhoog, soos byvoorbeeld bergingskoste en rente op geleende geld.

18. Langhout, J., *op.cit.*, pp.44-45.

Deur middel van hierdie verhouding kan die bestuur bepaal of hy die regte beleid ten opsigte van voorraad handhaaf. 'n Ongunstige verhouding dui nie noodwendig op swak bestuur nie; dit kan 'n doelbewuste beleid wees om kontinuïteit in die onderneming te verseker. Dit kan ook 'n voorsorgsmaatreël wees teen toekomstige prysstygings.

2.2.15 Totale laste: totale bates¹⁹

Bogenoemde is ook as die solvabiliteitsverhouding bekend. Dit is die mate waarin die totale bates van die onderneming die totale laste oorskry.

Die verhouding word soos volg bereken: $\frac{\text{Totale bates}}{\text{Totale laste}} \times 100$

Sodra die totale laste die totale bates oorskry, is die onderneming tegnies insolvent. Met ander woorde, die eienaarsbelang het 'n negatiewe waarde en by 'n eenmansaak of 'n vennootskap sou die eienaars die tekort moet inbetaal.

Met hierdie verhouding totale laste tot totale bates word die hoofstuk oor interne balansstaatontleding afgesluit. As hierdie verhouding ongunstig is, is dit duidelik dat die bestuur òf daadwerklik moet optree òf die handdoek moet ingooi. Indien die ander verhoudinge vroegtydig ontleed was, sou hierdie toestand miskien nooit ingetree het nie.

19. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.16.

HOOFSTUK 3

VERGELYKENDE ONTLEDING VAN BALANSSTATE¹

Onder vergelykende ontleding van balansstate word verstaan die studie van die neiging(s) van dieselfde of berekende items in twee of meer balansstate van dieselfde onderneming op verskillende datums. Dit is egter ook terselfdertyd die studie van die neigings van verhoudings, met ander woorde, die interne verhouding wat verkry is deur die internebalansstaatanalise soos in hoofstuk twee omskryf.

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die internebalansstaatanalise die studie is van verhoudings tussen sekere items of groepe items in die balansstaat; asook tussen die items, groep-items of berekende items en die netto verkope.

Vergelykende balansstaatanalise is, soos reeds gemeld, die studie van die neiging van dieselfde items, groepitems en berekende items in twee of meer balansstate van dieselfde ondernemings op verskillende datums asook die studie van die neiging(s) in die verhoudings wat uit syfers op die verskillende datums bereken word. Hierdie vergelykende balansstaatanalise is eers doeltreffend en volledig wanneer dit gegrond word op deeglike

1. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.445-467.

kennis van die interne sowel as die vergelykende analise. Sonder behoorlike kennis van die interne analise kan dit misleidend wees. Die groot voordeel van hierdie vergelykende ontleding is dat dit neigings toon vir besondere dele van die onderneming, asook vir die onderneming in sy geheel.

Foulke² beweer dat wanneer 'n trein teen 'n vasgestelde snelheid beweeg, 'n mens kan aanvaar dat dit 'een ongeveer dieselfde snelheid sal aanhou beweeg solank daar geen hindernisse in sy pad kom nie. Net so kan aanvaar word dat, tensy daar 'n drastiese verandering plaasvind, 'n onderneming in dieselfde algemene rigting wat deur die neigings aangedui is, sal bly beweeg.

Van groot belang vir hierdie vergelykende analise is die datum van die balansstaat. Dit is belangrik dat daar by so 'n vergelyking van balansstate van dieselfde datums in die ooreenstemmende tydperke gebruik gemaak word, byvoorbeeld (31 Julie 1970 en 31 Julie 1971), anders is dit nie vergelykbaar nie en sal die ontleding ondoeltreffend wees. Die volgende voorbeeld kan die noodsaaklikheid van die gebruik van dieselfde datums aantoon:

Veronderstel 'n balansstaat op 30 Junie van die vervaardigers van suikerklontjies word vergelyk met 'n balansstaat op 30 September van dieselfde jaar. Laste is gewoonlik laer in

2. Foulke, Roy A., *op.cit.*, p.445.

Junie as in September. Netso kan ander items ook op verskillende tye van die jaar verskil; daarom is dit van die grootste belang dat balansstate van ooreenstemmende datums met mekaar vergelyk word, want slegs dan is daar 'n vergelykbare basis.

Die kern van die vergelykende ontleding is dat die balansstate op die vergelykbaarste basis met mekaar vergelyk moet word; met ander woorde 'n vergelyking moet tussen balansstate met dieselfde items, ooreenstemmende datums en dieselfde rekenkundige beginsels gedoen word. By die vergelyking van balansstate oor lang periodes moet ook die verandering van geldwaardes in aanmerking geneem word.

By 'n vergelykende ontleding is dit wenslik dat daar by die vergelykings van die syfers op die balansstaat 'n bykomende kolom gevoeg word waarin die verskille tussen die syfers van die betrokke periodes aangegee word. Waar 'n item se waarde gestyg het, word daar dan van 'n plus (+) teken gebruik gemaak en by 'n daling van 'n minus (-) teken. Die onderstaande voorbeeld gee 'n uiteensetting van dié stelling:

Item bates	30 Junie 1972	30 Junie 1973	Styging of daling
Kontant	58 000	57 000	- 1 000
Voorraad	75 000	90 000	+15 000

Nadat die vergelyking getref en die verskille aangeteken is, moet daar ondersoek ingestel word na die oorsaak van die skommeling. Bykomende inligting is dus nodig vir 'n behoorlike vertolking.

'n Vergelykende ontleding in besonder dan die neigings van balansstate is vir die bestuur van besondere groot belang. Dit is egter noodsaaklik dat die bestuur 'n grondige kennis van die interne ontleding moet hê en dit met dié van soortgelyke ondernemings moet vergelyk. Indien daar afwykings is, kan die bestuur dit ondersoek en die nodige regstellings in die eie onderneming doen.

HOOFSTUK 4

INKOMSTESTATE

4.1 OMSKRYWING

Die balansstaat word aangevul deur twee finansiële state, naamlik die inkomstestaat en die verdelingsrekening; in Suid-Afrika is dit tans een staat: die inkomstestaat met die genoemde afdelings. Die inkomstestaat is 'n staat van inkomste en uitgawes van 'n onderneming oor 'n sekere periode en dui ook die wins of verlies van die onderneming aan.

In sekere mate vorm die ontleding van inkomstestate 'n direkte kontras met die analise van die balansstaat. Waar die balansstaat van groot ondernemings in 'n klein getal items saamgevat moet word, moet die inkomstestaat dikwels uitgebrei word aangesien 'n gekondenseerde weergawe nie van veel nut is nie.

'n Gekondenseerde onvoldoende inkomstestaat kan bestaan uit slegs drie, vier of vyf items, terwyl 'n behoorlike en voldoende staat uit feitlik honderde items kan bestaan.

Die vernaamde items in die inkomstestaat kan soos volg geklassifiseer word:¹

1. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.497-514.

4.1.1 Brutowinsafdeling

1. Bruto verkope
2. Retoere en toelaes
3. Netto verkope
4. Koste van goedere verkoop
5. Bruto wins

4.1.2 Bedryfswinsafdeling

1. Administratiewe en algemene uitgawes
2. Verkoopskoste
3. Voorsiening vir slegte skulde
4. Bedryfswins

4.1.3 Finale nettowins- of -verliesafdeling

1. Kontantkortings ontvang en toegestaan
2. Rente betaal
3. Netto wins of verlies voor buitengewone items
4. Buitengewone items
5. Belasting
6. Netto wins of verlies
7. Netto wins of verlies ná regstelling van belasting

Die volgende gee 'n duideliker uiteensetting van bogenoemde items:

4.1.1 Brutowinsafdeling

Die persentasie bruto wins op die netto verkope toon of die uitgawes by die verkope almal gedek word en of dit dan genoeg is om nog 'n bruto wins ook te gee.

'n Sekere persentasie bruto wins is essensieel vir elke rigting of tipe handels- of nywerheidsbedrywigheid. Hierdie persentasie wissel afhangende van die volume netto verkope, grootte van die onderneming, grootte van die stad of dorp waarin die saak geleë is, die intensiteit van die mededinging en die verkoopvoorwaardes, maar moet nogtans groot genoeg wees om alle uitgawes te dek en 'n redelike wins op te lewer.

4.1.1.1 Bruto verkope

Dit is die totale verkoopprijs van alle handelware en dienste wat gedurende 'n finansiële periode verkoop is.

4.1.1.2 Retoere en toelaes

Die bruto verkope verskil van die netto verkope deur die hoeveelheid retoere en toelaes. Die grootte van hierdie retoere en toelaes dui ook aan of die goedere aan die behoeftes van die klante voldoen. 'n Oormatige hoeveelheid retoere en toelaes kan die netto verkope baie verminder en ook 'n nadelige invloed

hê op die toekomstige verkoopvolume namate die klante se vertroue verminder. Met ander woorde, te hoë retoere en toelaes dui op ontevredenheid by klante en ook andersom. 'n Kontant-afslag val nie onder retoere en toelaes nie, maar eerder onder die laaste afdeling (vergelyk 4.1.3). 'n Handelsafslag kan wel hier afgetrek word.

4.1.1.3 Netto verkope

Nommers (1-2) dui die netto verkope aan. Die hoeveelheid netto verkope is die effektiewe volume waarop 'n wins verdien of 'n verlies gemaak word. Dit is die sleutelsyfer in die inkomste-staat. Dit word benodig vir die berekening van voorraadomset, die netto bedryfskapitaalomsat, die omsat van die netto tasbare waarde, die gemiddelde invorderingsperiode, die bepaling van sekere verhoudings in die analise van die balansstaat en dit is ook 'n vereiste vir die sogenoemde verkoopontleding.

4.1.1.4 Koste van goedere verkoop

Vir die klein- en groothandelaar word die koste van goedere verkoop soos volg bepaal: beginvoorraad plus aankope min eindvoorraad van die betrokke periode. In die geval van vervaardigingsmaatskappye moet die direkte arbeid en alle vervaardigingskoste, insluitende belasting, asook die deel van waardevermindering betrokke by die produksiekoste, in aanmerking geneem word. Die waarde van die eindvoorraad is seker die

belangrikste enkelsyfer by die berekening van die netto wins of verlies. Indien die syfer te laag is, sal die winste ook soveel kleiner wees. Aangesien die eindvoorraad die beginvoorraad van die volgende periode is, sal die winste van die volgende periode weer deur dieselfde hoeveelheid verhoog word, mits daar nie meer foute is nie. Netso geld die omgekeerde waar die syfer te hoog gewaardeer is. Die belangrikheid van die eindvoorraad word verder deur die volgende getoon: 'n fout van vyf persent in die eindvoorraad sal nie juis 'n invloed op die bedryfsbates in die balansstaat hê nie, of in die verhouding van die netto verkope tot die voorraad nie, of in die verhouding van die voorraad tot die netto bedryfskapitaal nie, maar so 'n fout kan byvoorbeeld maklik die winste halveer of verdubbel.

Die koste van die vervaardiger is baie ingewikkelder as dié van die klein- of groothandelaar. Dit is dus belangrik dat daar 'n behoorlike kostestelsel moet wees, wat ook van groot hulp kan wees by vervaardiging, byvoorbeeld watter produk is die ekonomiese om te produseer, hoeveel wins kan gemaak word, die bepaling van verkoopprijs, ensovoorts.

4.1.1.5 Bruto wins

Die verskil tussen koste van goedere verkoop en die netto verkope toon die bruto wins van die onderneming aan.

4.1.2 Bedryfswinsafdeling

In hierdie seksie van die inkomstestaat word die verskillende uitgawes, nadat die produk gekoop of geproduseer is, afgetrek van die bruto wins, wat dan die bedryfswins vir die periode aantoon. Hierdie uitgawes is hoofsaaklik die administratiewe algemene, uitgawes, verkoopsuitgawes en voorsiening vir slegte skulde. Sekere uitgawes van die onderneming word in hierdie seksie nie in berekening gebring nie. Dit is uitgawes soos kontantafslag, inkomstebelasting en items wat bekend staan as dié van buitengewone aard. Hierdie items word op hierdie stadium buite rekening gelaat sodat die bedryfswins bepaal kan word op 'n vergelykende basis vir verskillende besighede wat ondersoek mag word.

4.1.2.1 Administratiewe en algemene uitgawes

Dit bestaan uit kantoorsalarisse, ander salarisse wat nie fabrieks- of verkoopkoste is nie, waardevermindering wat nie elders van toepassing is nie, telefoon- en telegraafkoste, posgelde, regskoste, belasting, rente, ligte, verhitting, ensovoorts, met betrekking tot die administrasie.

4.1.2.2 Verkoopkoste

Dit sluit in die salarisse van almal wat by die verspreiding van die goedere betrokke is, salarisse van verkoopmanne asook

die lone van die werkers in die verkoopafdeling. Dit sluit ook in kommissie en vervoer- en onthaalkoste.

4.1.2.3 Voorsiening vir slegte skulde

Voorsiening vir slegte skulde moet ook in berekening gebring word. Hierdie bedrag moet nooit groter as $\frac{1}{4}$ - 1 persent van die netto verkope wees nie.

4.1.2.4 Bedryfswins

Die bruto wins min administratiewe en algemene uitgawes, min verkoopkoste, min voorsiening vir slegte skulde lewer die bedryfswinssyfers.

4.1.3 Finale netto wins of verliesafdeling

In die kleiner ondernemings is die bedryfswins gewoonlik sinoniem met die finale netto wins of verlies voor belasting.

In die groter sake, moet ander debiete en krediete egter eers in berekening gebring word voordat hierdie finale syfer bepaal kan word. Hierdie debiete en krediete is die volgende:

1. Kontantkortings ontvang en toegestaan: 'n Kontantkorting ontvang, is 'n toevoeging tot die bedryfswins, terwyl 'n korting toegestaan of gegee, 'n vermindering van die bedryfswins tot gevolg het. Hierdie korting kan in die geval van groot ondernemings wesenlike bedrae beloop.

2. Rente betaal: Rente betaal word afgetrek en verminder dus die nettowins.

3. Netto wins of verlies voor buitengewone items: Die bedryfs-wins min kontantkorting plus rente betaal, plus kontantkorting ontvang, dui die netto wins of verlies uit die normale aktiwiteite van die onderneming aan, met ander woorde, voordat die buitengewone items in berekening gebring word.

4. Buitengewone items: By hierdie wins of verlies uit die normale bedrywighede word alle krediete bygevoeg, en alle debiete wat moontlik buite die normale bedrywighede van die onderneming ontstaan, word afgetrek. Die syfer wat so verkry word, is dan die finale syfer vir die netto wins of netto inkomste vir die rekeningkundige periode. Hierdie items word gegroepeer as inkomstekrediete en inkomstevorderings of debiete ("Income charges"). Onder inkomstekrediete is die volgende die belangrikste: diwidende, rente op sekuriteite, winste op sekuriteite en diverse inkomste. "Income charges" bestaan uit items wat nie aan die normale bedrywighede van die onderneming verbonde is nie, byvoorbeeld verliese as gevolg van vloedwater, verliese by verkoop van vaste bates, koste as gevolg van oorkapasiteit, ensovoorts. Voorts is dit ook bedryfskoste van die vorige jare wat nou eers aan die lig gekom het, byvoorbeeld voorraadtekorte, bykomende belasting of regskoste van vorige jare. Teoreties moes hierdie koste by die vorige jare se uitgawes opgeneem gewees het. Dit behels ook buitengewone items

van bedryfskoste soos byvoorbeeld die koste van wagte en die vervoer van nie-stakende werkers tydens 'n staking.

5. Belasting: Waar 'n wins gemaak word, word belasting daarop gehef. Dit staan bekend as maatskappybelasting teen die koerse van toepassing.

6. Netto wins of verlies: Netto wins of verlies voordat buitengewone items in berekening gebring is, min of plus buitengewone items en min belasting is gelyk aan die netto wins of verlies.

7. Netto wins of verlies ná regstelling van belasting: In Suid-Afrika is nr. 6 die finale syfer en dan ook die laaste item op die inkomste-afdeling. Netto wins of verlies ná regstelling van belasting is iets wat in Amerika voorkom.

4.2 ONTLEDING VAN INKOMSTESTATE²

Die inkomstestaat is die rekenkundige interpretasie van die beleid, ondervinding, kennis, vooruitsigte, ensovoorts, van die bestuur van 'n onderneming gesien vanuit die oogpunt van inkomste, uitgawes, brutowins, bedryfswins en netto wins.

Die finale netto wins of verlies is die uiteindelijke maatstaf van die bedrewenheid en bekwaamheid van die bestuur en hierdie syfer word uit die inkomstestaat verkry.

2. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.516-535.

Die inkomstestaat is van verdere belang veral vir die persoon wat in sy analise in die langtermynaspekte belang stel. Korttermynkrediteure, soos byvoorbeeld leweransiers van grondstowwe, asook handelsbanke, gee by die toekenning van die krediet meer aandag aan die balansstaatsyfers. Eienaars van langtermynseku-riteite soos byvoorbeeld voorkeur- of gewone aandele, stel meer in die inkomstestate belang.

4.2.1 Manipulasie van winssyfers

As gevolg van 'n gebrek aan standaardbeginsels by die hantering en ontleding van die probleme in die maatskappyrekeninge, sê Foulke³ die volgende: "There are rebounded opportunities for shrewd detective work, for critical comparisons, for discovering and pointing out a state of affairs quite different from that indicated by audited figures." Elke aandeelhouer, belegger, of persoon wat 'n ontleding van die state doen, behoort te besef dat die nettowinssyfers aan die arbitrêre bepalings en manipulasie onderworpe is. Die twee middele wat meestal in dié verband gebruik word en wat dus van die allergrootste belang vir die ontleder is, is naamlik om te veel of te min af te skryf, of om sekere bedrae van winste van die vorige jaar af te skryf. Dit is ~~agtergehoue~~ winste.

3. Foulke, Roy A., *op.cit.*, p.517.

4.2.2 Interne analise

In die interne analise van die inkomstestaat word alle items as 'n persentasie van die netto verkope uitgedruk. Elke persentasie word dan met 'n vooraf bepaalde basis vergelyk om te kyk of sommige items nie dalk te hoog of te laag is nie.

4.2.3 Vergelykende analise

Net soos balansstate is inkomstestate van groot waarde wanneer vergelykings tussen syfers van sekere ooreenstemmende periodes getref word. Op soortgelyke wyse as in die geval van balansstate word die syfers van ooreenstemmende tydperke langs mekaar geskryf en die veranderinge word in 'n afsonderlike kolom aangedui. Hierdie veranderinge kan gewoon in syfers aangetoon word, of dit kan as persentasie uitgedruk word.

4.3 NETTO WINS: EIENAARSELANG⁴

Die twee ekonomiese realiteite - *privaat inisiatief* ~~privaatheid~~ en winsmotief - beklemtoon die erns van winste en verliese. Dit is 'n voldwonge feit dat alles in die ekonomie *deur die een of ander persoon* ~~deur die een of ander persoon~~ besit moet word. Alle sake-ondernemings is op wins ingestel, vandaar die begrip winsmotief. Waar daar winste is, sal nog groter winste ontstaan. Foulke⁵ se stelling dat "profits attract funds", getuig daarvan.

4. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.560-567.

5. Foulke, Roy A., *op.cit.*, p.561.

Netto wins is die syfer nadat alle uitgawes en belastings afgetrek is, met ander woorde, dit is die werklike netto wins. Daar bestaan geen vaste standaard nie, dit verskil van plek tot plek en van onderneming tot onderneming.

Hierdie verhouding is vir die bestuur van belang omdat dit 'n aanduiding is hoe oordeelkundig fondse in die onderneming belê is. Dit toon aan die bestuur se vermoë om inkomste op kapitaal te verdien. Voorts toon dit ook aan aandeelhouders die inkomste wat hulle op hul beleggings verkry.

4.4 NETTO WINS: NETTO VERKOPE⁶

Hierdie verhouding is komplementêr tot die vorige verhouding; met ander woorde, die twee verhoudings vul mekaar aan.

Alhoewel alle ondernemings op wins ingestel is, kan 'n saak nie slegs na maksimum en onmiddellike wins streef nie. Die verhouding in die balansstaat, die grootte van die laste, voorwaardes met betrekking tot debiteure, ensovoorts, moet altyd op 'n gesonde grondslag gehou word, veral in vergelyking met die bedryfskapitaal en die netto tasbare bates.

Indien die netto winste buitensporig hoog is, moet dit ontleed word om te bepaal of dit toe te skryf is aan gunstige ekonomiese

6. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.571-576.

faktore, wat heel tydelik kan wees, of dat dit dalk uit doeltreffende bestuur voortspruit.

By hierdie verhoudings, soos ook by die vorige, bestaan daar geen vaste standaard nie.

Hierdie verhouding, asook die voorgaande, is nou aan mekaar verbonde. Die verhouding netto wins: eienaarsbelang, toon die bestuur se vermoë om kapitaal te gebruik. Die verhouding netto wins: netto verkope, toon aan die bestuur hoe doeltreffend verkope in verhouding tot onkoste gekontroleer word.

4.5 NETTO INKOMSTE VOOR BELASTING: TOTALE BATES⁷

Dit staan ook bekend as die ondernemingsrentabiliteitsverhouding, en druk die verband uit tussen die totale fondse wat op 'n bepaalde tydstip in die onderneming aangewend is, naamlik die totale bates en die netto inkomste wat oor 'n gegewe tydperk deur daardie belegging opgelewer is, sonder inagneming van wie daardie fondse voorsien het.

Die formules is die volgende:

Netto inkomste ná voorsiening vir waardevermindering

Totale bates teen verminderde boekwaarde

en

Netto inkomste voor voorsiening vir waardevermindering

Totale bates teen kosprys

7. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.17.

Hierdie verhouding toon aan die bestuur hoe voordelig kapitaal in die onderneming aangewend word.

4.6 RENTABILITEIT VAN BUITEBELEGGINGS⁸

Dit is die opbrengs van bates wat buite die onderneming werksaam is:

Aandelebelegging	R500	
Inkomste uit belegging	40	
Rentabiliteit van buitebelegging	$\frac{40}{500}$	$\times \frac{100}{1}$
	= 8%	

4.7 RENTABILITEIT VAN VREEMDE LANGTERMYNKAPITAAL⁹

Hier word die rentabiliteit van geleende geld bereken.

Dit kan vergelyk word met die rentabiliteit van die belegging in die onderneming. Laasgenoemde behoort hoër te wees as eersgenoemde om dit lonend te maak om fondse te leen.

Obligasies	R50 000	
Rente op obligasies	3 500	
Rentabiliteit van vreemde kapitaal	$\frac{3\,500}{50,000}$	$\times \frac{100}{1}$
	= 7%	

8. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.18.

9. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.18.

4.8 RENTABILITEIT VAN DIE BELEGGING IN DIE ONDERNEMING¹⁰

By hierdie verhouding word wins minus inkomste op buitebeleggings geneem tot bates minus buitebeleggings.

Verhouding 4.6, 4.7 en 4.8 toon aan die bestuur die rentabiliteit van beleggings. Dit is vir die bestuur belangrik om te weet wat die renteverdienste op die beleggings is aangesien goeie rentekoerse nuwe beleggings kan trek.

4.9 BRUTOWINSPERSENTASIE¹¹

Die brutowinspersentasie is die gemiddelde opslag of grens wat verkry word op verkoopte goedere. Aangesien dit 'n gemiddelde is, verteenwoordig dit nie noodwendig die opslag op individuele produkte nie en kan dit geweldig van die gemiddelde verskil.

Die brutowins word gewoonlik uitgedruk as 'n persentasie van sowel die netto opbrengs van verkope as die kosprys van verkope. Laasgenoemde is egter nie altyd beskikbaar nie en vir praktiese doeleindes word eersgenoemde dan gebruik. Hierdie verhouding is baie waardevol vir interne beheerdoeleindes en is ook nuttig vir die bestuur, veral as dit na die verskillende departemente, takke, lyne of handelsbedrywighede uitgebrei word en dan opgevolg word met 'n ontleding van die bedryfsbates.

10. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.18.

11. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.24.

Voorraadomset moet egter ook altyd in berekening gebring word, want 'n afdeling met 'n hoë brutowinspersentasieverhouding is miskien nie so winsgewend soos 'n ander met 'n laer verhouding maar hoër voorraadomset en/of 'n kleiner onkostekoers nie.

Brutowins	100 000	
Kosprys van verkope	300 000	
Netto verkope	400 000	
Brutowinspersentasie op kosprys van omset		$33\frac{1}{3}\%$
Brutowinspersentasie op opbrengs van verkope		25%

Indien daar 'n wesenlike verandering in die verhoudings was, moet die saak verder ondersoek word om presies te bepaal wat die oorsake van sodanige verandering was.

In die geval van verkope kan 'n verandering aan die volgende faktore toegeskryf word:

Verandering as gevolg van verandering in volume;
 verandering as gevolg van verandering in verkoopprijs;
 verandering as gevolg van gesamentlike verandering in verkoopprijs en volume.

In die geval van koste en verkope kan 'n verandering toegeskryf word aan:

Verandering as gevolg van 'n verandering in volume;
 verandering as gevolg van 'n verandering in kosprys;
 verandering as gevolg van gesamentlike verandering in
 kosprys en volume.

Brutowinspersentasies kan aan die bestuur baie hulp verskaf indien hulle die winsgewendheid van sekere produkte wil bepaal. Indien die brutowins bereken word vir verskillende departemente kan bestuur beter kontrole uitoefen oor die winsgewendheid van elke departement.

4.10 BEDRYFSUITGAWES: VERKOPEVERHOUDINGS

Dit is veral vir bestuursdoeleindes nuttig om koste as 'n persentasie van verkope uit te druk. Daarmee word 'n vergelyking tussen verskillende jare vergemaklik en sinvol gemaak.

Inkomste

	<u>Bedrag</u>	<u>Persentasie</u>
Netto verkope	200 000	100,0%
Min Koste van verkope	<u>130 000</u>	<u>65,0</u>
Bruto wins	<u>70 000</u>	<u>35,0</u>

Koste

Verkoopkoste	15 000	7,5%
Advertensies	4 000	2,0
Administratiewe koste	14 000	7,0
Finansiële koste	1 000	0,5
Waardevermindering	<u>1 200</u>	<u>0,6</u>
Netto wins	<u>35 200</u>	<u>17,6</u>
	34 800	17,4

4.11 BELEGGINGSMAATSTAWWE¹²

Hierdie aspek is vir die bestuur sekondêr in die sin dat die ander verhoudings bespreek, primêr is. Hieraan word tog ook deur die bestuur aandag gegee.

Persone wat die finansiële state van maatskappye gebruik as 'n grondslag om te besluit waar hulle hul geld moet belê, kan van verskeie verhoudings gebruik maak. Die volgende is 'n paar daarvan:

4.11.1 Verdienste per aandeel

Die verdienste per aandeel is van groot belang in die berekening van die waarde van 'n aandeel. Dit word soos volg bereken:

$$\frac{\text{Netto inkomste}}{\text{Gewone aandelekapitaal}} = R \frac{30\,000}{10\,000} = R3 \text{ (300c) per aandeel}$$

As daar voorkeuraandele is, moet voorkeurdiwidende van die inkomste afgetrek word om die bedrag verdien op gewone aandele te kry.

4.11.2 Diwidendopbrengskoers

Die opbrengs van gewone aandele is die verhouding van die diwidend verklaar tot die markprys van die aandele.

12. Anthony, R.N., *op.cit.*, pp.303-305.

Voorbeeld:

Markprys van aandeel	500 c
Diwidend	20 c
Opbrengskoers	$\frac{20}{500} \times 100 = 4\%$

Die diwidendopbrengskoers verander elke keer as die markprys van die aandeel verander.

Die maatskappy kan een, twee of selfs meer diwidende per jaar verklaar. Die bedrag wat geneem moet word, is die totaal wat vir die jaar betaal is. Hierdie opbrengskoers kan nou vergelyk word met wat op ander beleggings verdien kan word.

4.11.3 Getal kere diwidenddekking

Hoe meer kere wat die diwidend gedek is, hoe sterker is die posisie van die aandele. Die kere gedek word bereken deur die netto wins ná belasting en voorkeurdiwidende te deel deur die diwidend op gewone aandelekapitaal. As 'n maatskappy byvoorbeeld R100 000 wins gemaak het en hy betaal 'n diwidend van R20 000, dan is die diwidend vyf keer gedek.

4.11.4 Uitbetalingsverhouding

Hierdie verhouding dui aan watter persentasie van die winste aan die gewone aandeelhouers uitbetaal is. Dit gee 'n aanduiding van die beleid van die bestuur ten opsigte van die verklaring van diwidende.

Die verhouding word soos volg bereken:

$$\frac{\text{Bedrag van diwidend op gewone aandele}}{\text{Wins ná belasting en voorkeurdiwidend}} \times 100$$

4.11.5 Rentabiliteit van belegging

Die inkomste uit 'n belegging het beperkte waarde as 'n interne beheerinstrument, maar is grotendeels van waarde vir die belegger.

Die rentabiliteit van die belegging word verkry deur die ondernemingsrentabiliteit met die hefboomfaktor te vermenigvuldig.

Keller¹³ verduidelik die rentabiliteit van 'n belegging met die volgende voorbeeld:

	Met lening R	Sonder lening R
Bates	<u>50 000</u>	<u>50 000</u>
Vlottende laste	10 000	10 000
Lening teen 5%	-	20 000
Aandeelhoudersbelang	<u>40 000</u>	<u>20 000</u>
	<u>50 000</u>	<u>50 000</u>
Wins voor belasting en rente	10 000	10 000
Rente	<u>-</u>	<u>1 000</u>
Belasting teen 50%	10 000	9 000
Wins ná belasting	<u>5 000</u>	<u>4 500</u>
	<u>5 000</u>	<u>4 500</u>
$\frac{\text{Bates}}{\text{Aandeelhoudersbelang}} = \frac{50\ 000}{40\ 000} = 1,25$	$\frac{50\ 000}{20\ 000} = 2,5$	
Ondernemingsrentabiliteit	10%	9%
Ondernemingsrentabiliteit x hefboom	= Rentabiliteit van belegging	
10% x 1,25 = 12,5%	9% x 2,5 = 22,5%	

13. Keller, I.M., *The return on capital concept*, p.14.

Die rentabiliteit van die belegging word hierbo onder twee toestande bereken:

- (1) sonder 'n lening; en
- (2) met slegs die helfte van die aandeelhoudersbelang in (1), maar die res van die fondse word voorsien deur 'n lening wat rente dra teen 5 persent.

Die hefboomfaktor is die verhouding van bates tot aandeelhoudersbelang. Sonder 'n lening is die hefboomfaktor 1,25 persent en die rentabiliteit van belegging 12,5 persent. Wanneer die helfte van die aandeelhouders belang deur 'n rentedraende lening vervang word, dan verminder die ondernemingsrentabiliteit omdat rente betaal moet word. Die hefboomfaktor word egter 2,5 en die rentabiliteit van die belegging verhoog tot 22,5 persent.

Insoverre as aandeelhoudersbelang nie deur oormatige skuld in gevaar gestel word nie, is laasgenoemde 'n baie aantrekliker toestand vir die aandeelhouders.

4.11.6 Opbrengs per aandeel

Hierdie verhouding is ontwerp om die belangrikste nadeel van die diwidendopbrengskoers (4.11.2) te voorkom. In plaas van die aandele prys slegs te waardeer deur die diwidende wat die maatskappy uitbetaal, waardeer hierdie formule die waarde van die aandeel volgens die winste wat die maatskappy verdien, of die diwidende nou uitbetaal word of in die onderheming gehou word.

Die opbrengskoers per aandeel kan verkry word deur die diwidend-opbrengskoers (vergelyk 4.11.2) te vermenigvuldig met die keer diwidend gedek (vergelyk 4.11.3).

Die twee formules het egter gemeenskaplike faktore en die opbrengskoers per aandeel kan bereken word deur die volgende:

$$\frac{\text{Wins per aandeel}}{\text{Markprys per aandeel}} \times 100$$

As beleggers voorsien dat 'n maatskappy se winste sal styg, sal die opbrengskoers per aandeel daal omdat die toekoms verdiskonteer word. Net so sal die opbrengskoers per aandeel styg as beleggers dink dat winste dieselfde sal bly of daal.

Dit is belangrik om te onthou dat die aandelemark altyd in die toekoms belang stel en nie in die hede nie.

4.11.7 Prys/verdiensteverhouding

Die prys/verdiensteverhouding word soos volg bereken en verklaar:

$$\frac{\text{Markprys}}{\text{Nominale prys}} \times \text{gewone aandelekapitaal} = \text{Totale markkapitalisasie}$$

$$\frac{\text{Totale Markkapitalisasie}}{\text{Wins na belasting en voorkeurdividend}} = \text{Prys/verdiensteverhouding}$$

= die getal jare nodig om die bedrag te verdien uit winste teen die huidige koers wat vir die aandeel betaal is.

= markwaarde geplaas op die verwagting van toekomstige verdienste.

Die prys/verdiensteverhouding kan eenvoudig bereken word deur die opbrengskoers per aandeel in honderd te deel.

Die opbrengs per aandeel, en prys/verdiensteverhoudings is baie belangrik by die evaluasie van die moontlikhede van 'n belegging.

Verhoudinge 4.11.1 tot 4.11.7 word deur beleggers gebruik om te besluit waar hulle hul geld moet belê. Vir die bestuur is dit ook belangrik om kennis te dra van dié verhoudinge want as dit nie vir die belegger aantreklik is nie, sal 'n onderneming dit baie moeilik vind om kapitaal te bekom.

HOOFSTUK 5

STAAT VAN BRON EN AANWENDING VAN FONDSE

Bogenoemde staan ook as 'n "fondsestaat" bekend. Volgens Foulke¹ is dit "a technical device designed to highlight the change in the financial condition of business enterprise between two dates". Hierdie staat kom in 'n mate ooreen met die inkomste- en uitgawestaat, maar daar is tog sekere verskille.²

Die fondse vir hierdie tipe staat is bedryfskapitaal en nie noodwendig kontant nie. Wanneer 'n bate aangeskaf word, word geld belê. Kontant hoef nie noodwendig daarvoor betaal te word nie, maar een of ander waarde kan daarvoor gegee word, byvoorbeeld deur middel van kredietaankope ontvang die besigheid 'n bate of geldwaarde, alhoewel daar geen kontant by betrokke was nie.

Die staat van bron en aanwending van fondse gee die antwoord op die vraag wat van die geld geword het wat uit die verskillende bronne verkry is.

5.1 BRONNE VAN FONDSE

Daar is normaalweg vier bronne, naamlik:

1. Foulke, Roy A., *op.cit.*, p.473.

2. Foulke, Roy A., *op.cit.*, pp.473-491.

5.1.1 Netto winste

Die verkoop van handelware vir meer as die kosprys daarvan het 'n vermeerdering in bates of 'n vermindering in laste tot gevolg met die betrokke hoeveelheid netto wins. Waar daar 'n netto verlies is, word dit 'n aanwending van fondse.

5.1.2 Vermeerdering in laste

Dit beteken 'n vermeerdering of styging in die gebruik van geleende geld, of, in die geval van handelware, 'n krediet-aankope. Geld word ook verkry deur die verkoop van aandele.

5.1.3 Vermindering in bates

Hier word verwys na die likwidasië van bates, die verkoop van vaste bates, waardevermindering, ontasbare en diverse bates. Hiermee word bedoel dat 'n vermindering van vaste bates deur die verkoop daarvan kontantfondse verhoog. So ook sal 'n vermindering in vaste bates deur middel van waardevermindering 'n direkte verhoging in kontant toon.

5.1.4 Bydrae van bykomende fondse

Hierdie soort bron is relatief seldsaam. Wanneer dit wel voorkom, is dit in die vorm van 'n direkte belegging van bykomende kapitaal, byvoorbeeld aandeelhouders word gevra om by te dra.

5.2 AANWENDING VAN FONDSE

Fondse verkry, kan op die volgende maniere aangewend word:

5.2.1 Netto verlies

Waar netto winste 'n bron van fondse is, is 'n netto verlies die aanwending van fondse.

5.2.2 Vermindering in laste

Dit dui daarop dat fondse aangewend word.

5.2.3 Vermeerdering in bates

Fondse kan ook hiervoor aangewend word, byvoorbeeld waar 'n vaste bate kontant gekoop word, is die kontant die bron en die vermeerdering in bates die aanwending van die bron.

5.2.4 Vermindering in kapitaalfondse

Vermindering kan plaasvind as gevolg van onttrekkings deur die eienaars of die aflossing van aandele van aandeelhouders.

'n Baie belangrike faktor wat hierdie staat aan die bestuur uitwys is of enige langtermynuitbreiding deur korttermynkrediet-geriewe gefinansier word. Soos reeds uit die vorige verhoudings

duidelik na vore gekom het, is dit 'n baie ongesonde grondslag van finansiering. Dit kan nie slegs 'n nadelige invloed op die onderneming hê nie, maar kan selfs tot die likwidasie daarvan aanleiding gee.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die ontleding en vertolking van finansiële state kan uit verskillende gesigspunte benader word. In hierdie studie is eers die balansstaat en daarna die inkomstestaat ontleed.

Cilliers¹ doen die ontleding onder die volgende hoofde:

1. Likwiditeit
2. Solvabiliteit
3. Rentabiliteit
4. Voorraadposisie
5. Korttermynkredietbeleid
6. Finansieringsbeleid

Likwiditeit verwys na die maatskappy se vermoë om sy lopende verpligtinge na te kom. Die likwiditeitverhoudings het dus te doen met die grootte van die verband tussen bedryfslaste, dit wil sê, verpligtinge wat oor korttermyn nagekom moet word, en die bedryfsbates wat die bron daarvoor verskaf. Die volgende verhoudings word hier gebruik:

1. Bedryfskapitaalverhouding
2. Vuurproefverhouding

1. Cilliers, J.A., *op.cit.*, p.12.

- | | |
|-------------------------------------|----------------------|
| 3. Debiteure-invorderingstermyn |) Korttermynkrediet- |
| |) beleid |
| 4. Krediteure-invorderingstermyn |) |
| 5. Omsetsnelheid van voorraad |) |
| |) Voorraadposisie |
| 6. Getal dae se verkope in voorraad |) |

Solvabiliteit verwys na die maatskappy se vermoë om sy rentelas na te kom en sy langtermynverpligtinge terug te betaal. Dit is die mate waarin die totale bates van die onderneming die totale laste oorskry, of die getal kere wat die totale bates die totale laste dek. Indien die teenoorgestelde die geval is, is die onderneming tegnies insolvent.

Rentabiliteit dui op die winsgewendheid van die kapitaal wat in die onderneming belê is. Rentabiliteit druk die verband uit tussen die totale bedrag wat op 'n bepaalde tydstip in die onderneming aangewend is, naamlik totale bates, en die netto inkomste wat oor 'n gegewe tydperk deur daardie bepaalde belegging opgelewer is.

Ondernemingsrentabiliteit	) Winsfondse-
Rentabiliteit van beleggings in die onderneming	) verhouding
Rentabiliteit van eie kapitaal	)
Brutowinspersentasie	) wins/omset-
Nettowinspersentasie	) verhouding

Voorraadposisie: Die doeltreffendheid van die voorraadbeheer word deur die omsetsnelheid van die voorraad bepaal.

Korttermynkredietbeleid: Dit is die mate waartoe daar van leweransierskrediet by aankope gebruik gemaak word, die omvang van kredietverkope, en die mate van welslae met debiteure invorderings.

Finansieringsbeleid: Hier word verwys na die bronne waaruit die fondse verkry word en die wyse waarop dit aangewend word. Die staat van bron en aanwending van fondse dien hier as hulpmiddel.

Die opbreek van moeilike verhoudingsyfers en die vergelyking daarvan met mekaar word ontleding genoem, en die vermoë om hul betekenis na vore te bring, heet vertolking. Die welslae van enige onderneming hang af van die vertolking van sy finansiële state deur die bestuur, en die nodige aanpassing van sy beleid indien die verhoudings nie na wense is nie.

BYLAE

GEVALLESTUDIE

INLEIDING

Die voorgaande hoofstukke het getoon hoe 'n mens na die rekeninge van 'n onderneming moet kyk, watter verhoudinge die belangrikste is, watter afwykings redelik is, ensovoorts.

Met die ontleding van die balansstaat van Imperial Cold Storage & Supply Co. Ltd., is daar gepoog om die teorie op die betrokke rekeninge toe te pas.

Die volgende is die gegewens wat by die ontleding van bogenoemde maatskappy se staat gebruik is:

- 1.1 Die voorsitter se oorsig vir die jaar.
- 1.2 'n Opsomming van vaste bates.
- 1.3 'n Opsomming van die gekonsolideerde finansiële resultate.
- 1.4 'n Gekonsolideerde balansstaat soos op 31 Desember 1972 (B).
- 1.5 Gekonsolideerde wins-en-verliesrekening vir die jaar geëindig 31 Desember 1972 (W).

1.1 DIE VOORSITTER SE OORSIG VIR DIE JAAR

Finansiële Resultate van die Groep

OMSET EN WINSTE

Die omset van die Maatskappy, sy filiale en die vier besighede onder sy bestuur, het 'n rekordtotaal van R204 miljoen in 1972 behaal — 'n toename van R24 miljoen oor die vorige jaar. Dit was die gevolg van 'n groter afset van sommige produkte maar ook van die prysinflasie wat soms so groot was dat die volume omset van sommige produkte in werklikheid gedaal het.

Die wins van die groep na belasting vir die jaar onder bespreking — uitgesonderd kapitale items — toeskryfbaar aan aandeelhouders van die Imperiale Maatskappy, het R4 545 000 beloop. Dit verteenwoordig 'n toename van R784 000 oor die vorige jaar. Hierdie verbetering het gedeeltelik voortgespruit uit die toename in omset en gedeeltelik uit die suksesvolle diversifikasie van die Maatskappy se bedrywighede gedurende die laaste paar jaar in die produksie en distribusie van hoë proteïenvoedsel soos vis deur Sea Harvest Korporasie en pluimvee deur Festive Foods. Daarbenewens het beesboerdery en die verbouing van suikerriet in Rhodesië ook aansienlik beter resultate gelever.

DIVIDENDE

Die Direkteure het op 10 April 1973 'n dividend van 6 sent per aandeel op die Maatskappy se gewone aandele verklaar, wat, tesame met die tussentydse dividend van 2,5 sent per aandeel wat op 13 Desember 1972 betaal is, 'n totale dividend van 8,5 sent vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 1972 opmaak.

BELASTING

Die belastingaanspreeklikheid vir die 1972 handelsjaar van die Imperiale groep van maatskappye is R3 172 000, wat aansienlik hoër is as die dividendbetaling van R2 010 000 wat aandeelhouders toeval, terwyl die Maatskappy se vernaamste mededingers, nl. vleis- en suiwelkoöperasies steeds van belasting vrygestel bly. Ek verwys later na spesifieke nadele wat hierdie volgehoue ongegronde begunstiging op u Maatskappy se sake het.

Handelsaktiwiteite van die Groep

'RENOWN' VARS EN VERWERKTE VLEIS

Suid-Afrika se verbruik van rooivleis bestaan normaalweg uit ongeveer 65 persent beesvleis, 25 persent skaap- en lamvleis en 10 persent varkvleis. Ons land is normaalweg ook self-onderhoudend met skaap- en varkvleis. Die grootveekudde het egter vir baie jare konstant gebly sodat Suid-Afrika reeds 10 jaar gelede 15 persent van sy beesvleisbenodighede uit buurstate en Suidwes-Afrika moes invoer en tans soveel as 25 persent.

In 1972 het die skaapvleisvoorraad eensklaps met nie minder nie as 30 persent gedaal en wel na rekordslagtings in die drie voorafgaande jare. Gevolglik het skaap- en lamvleispryse gedurende 1972 met 36 persent gestyg in vergelyking met 1971. Hierdie ontoereikende voorraad kon gelukkig gedurende die eerste drie kwartale van 1972 goedgemaak word deur 'n verhoging in die beskikbaarheid van beesvleis, maar toe beesvleisuitvoere onder die stimulus van hoë oorsese pryse gedurende die normale skaars laaste kwartaal van die jaar voortgeduur het, het beesvleispryse skerp toegeneem met ongeveer 25 persent. Dit het sedertdien op daardie peil gebly en teen die pryse wat tans heers het 'n mate van verbruikersweerstand teen rooivleis ontstaan.

Aangesien niemand beeste sal voer as die inset van mielies meer kos as wat die vleisaanwas werd is nie, bevind die beesvleisbedryf hom in die verknorsing dat die huidige verbeterde pryse wat die voer van beeste lonend maak, terselfdertyd 'n afname in verbruik veroorsaak. Dit beklemtoon die feit dat die Vleisraad nie slegs op 'n verbeterde verhouding tussen voerkoste en vleispryse moet staatmaak om produksie aan te vul nie, maar eerder spesifieke en positiewe stappe moet doen om die produktiwiteit van die nasionale beeskudde te verhoog en om die doeltreffendheid van beestelers en -voerders te verbeter.

'n Betekenisvolle stap is gedurende 1972 deur die Regering en die Vleisraad geneem, en dit na jarelange vertoë deur die vleishandel, deur goedkeuring te verleen vir die oprigting deur private ondernemings van 'n aantal bees- en varkslagpale in die Witwatersrand-Pretoria gebied. Ongelukkig verteenwoordig die slagpaal wat aan u Maatskappy toegeken is slegs 40 persent van sy benodighede sodat die besparings van 'n ten volle geïntegreerde saak onmoontlik sal wees in die eenheid wat beplan word te Clayville tussen die Witwatersrand en Pretoria.

'FESTIVE' BRAAIHOENDERS EN KALKOENE

Die stygende pryse van rooivleis het natuurlik die verkope van kuikens en kalkoene gestimuleer, met beter pryse van hierdie produkte ten gevolg asook 'n versnelde fisiese uitbreiding van alle instansies in die bedryf. Alhoewel die pluimvee-industrie gedurende 1972 met meer as 12 persent gegroei het, moet die volle inslag van die beplande verhoogde produksie nog kom. Aangesien dit pryse stellig afwaarts sal laat neig, tot die mate wat stygende voerpryse en lone dit werklik toelaat, het u Maatskappy besondere aandag geskenk aan verhoogde doeltreffendheid by die beplanning van sy uitgebreide pluimveebesigheid. Deels is dit gedoen deur 'n eie bron van ingevoerde veredelde braaihoenders en kalkoene vir teeldoeleindes te bekom.

'SEA HARVEST' VIS

Die hoë rooivleispryse het ook die algemene vraag na vis gestimuleer en die Sea Harvest visbesigheid, waarin die Maatskappy 'n aansienlike belang het en waarvoor dit ook as nasionale distribueerder optree, het 'n suksesvolle jaar gehad. Vangste was teleurstellend gedurende die tweede helfte van 1972, maar as gevolg van die aankoop van nog treilers het die tonnemaat vis hanteer, nogtans toegeneem.

Treiler- en bedryfskoste het gedurende die afgelope jaar aansienlik gestyg maar daar was opwegende prysverhogings in die binnelandse mark en die Sea Harvest Korporasie was met die heersende aantreklike wêreldpryse ook in staat om sy visuitvoerbesigheid uit te brei.

INDUSTRIËLE SUIWELPRODUKTE EN MARGARIEN

Ook die 1972-1973 suiweljaar is oorheers deur die koms van geel margarien, met droogte in meeste dele as 'n bykomstige komplikasie. Soos in my vorige oorsig genoem, het die introduksie van geel margarien botterverkope met bykans 'n derde laat daal — 'n gevolg wat selfs 'n hoë subsidie op botter (van soveel as 20 sent per kilogram) nie kon vermy nie.

Terwyl die land se jaarlikse botterproduksie hoër is as die interne vraag, neem die verbruik van kaas en melkpoeier steeds toe — tans teen 'n jaarlikse koers van 7 persent — en dit skyn asof 'n kroniese tekort in die voorsiening van hierdie produkte ontstaan het. Aanpassings is gevolglik in produsentepryse gemaak met die oog daarop om die lewering van industriële melk in plaas van room aan te moedig en verder is die absolute prys van industriële melk aansienlik verhoog om produksie aan te moedig. Na gelang die uitwerking van hierdie korrektiewe maatreëls intree sal sekere botterfabrieke in die Republiek klaarblyklik verplig wees om produksie te staak, terwyl bykomstige industriële suiwelfabrieke opgerig sal moet word. Ten einde hierdie probleem deeglik te ondersoek, het die Suiwelraad 'n Reoriënteringskomitee aangestel, maar dit is teleurstellend dat hierdie Komitee na 'n jaar se bestaan nog nie sy taak voltooi het nie.

In die suiwelbedryf ondervind die Maatskappy nog steeds ongelyke mededinging van koöperasies in die verkryging van melkvoorrade. Die rede hiervoor is dat koöperasies geen belasting betaal nie en hulle dus in staat is om, op koste van die Tesourie, aansienlike jaareind bonusse aan voorsieners te betaal, terwyl die Maatskappy wetlik verbied is om bonusse te betaal. Daarbenewens is die minimum vervoertariewe op so 'n onrealistiese lae vlak deur die Suiwelraad vasgestel dat voorrade van die drumpel van sekere van die Maatskappy se fabrieke afgewend word.

Vooraanstaande handels- en nywerheidsorganisasies in Suid-Afrika pleit reeds vir jare vir gelyke belasting op private en koöperatiewe ondernemings, asook vir hulle gelyke behandeling deur die beheerrade. Dit het uiteindelik gelei tot die aanstelling van die Steenkamp Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede wat in 1967 'n

mate van regstelling aanbeveel het, maar helaas weier die Regering steeds om daarop te reageer. Die Regering het nou die aanstelling aangekondig van 'n gekose komitee om op die hele bemarkingsraadstelsel in te gaan. Ek verwelkom hierdie stap en vertrou dat geregtigheid sal seëvier.

'DAIRYBELLE' VARSMELK EN VERWANTE PRODUKTE

Varsmelkverkope het voortgegaan om 'n bevredigende groei te toon met gereelde voldoende voorrade behalwe soms in die Witwatersrand en Pretoria gebied waar die Melkraad egter tydige stappe geneem het om melk van elders af te wend. Soos in die industriële suiwelsektor is 'n voldoende voorraad varsmelk 'n *sine qua non* vir gesonde verdere ontwikkeling. Melkproduksie is egter 'n langtermyn onderneming en met die oog op die toenames in die stedelike bevolking en in lone word by die Melkraad aangedring dat dit die melkverbruik van ons stede lank vooruit peil en die nodige stappe doen om genoegsame voorrade van hierdie noodsaaklike voedsel te verseker.

Dalk het die tyd ook aangebreek dat die owerhede die aanvaarding van 'n beleid moet oorweeg wat geleidelik sal lei tot eenvormige beheerregulasies oor die produksie van sowel varsmelk as industriële melk. Dit sal die afwending van melk vanaf die een sektor na die ander vergemaklik soos reeds algemeen in meeste ontwikkelde lande oorsee geskied na gelang dit nodig word, en daardeur sal die gebalanseerde produksie van alle belangrike produkte vergemaklik word in stede van surplusse van sommige produkte terwyl ander teen hoë koste ingevoer moet word.

'DAIRYMAID' ROOMYS

Die 1972 jaar was een van gemiddelde groei in die roomysbedryf. Soos in al die ander sektore, was hierdie bedryf ook as gevolg van inflasie genoodsaak om verkoopspryse van sy produkte aan te pas. Die onlangse verhoging in die prys van sulke belangrike bestanddele soos botter en melkpoeier, sowel as verhogings in arbeidskoste, verpakkings- en afleweringskoste, mag inderdaad 'n verdere opwaartse hersiening van die prysstruktuur noodsaak.

'HARVESTIME' BEVRORE GROENTE

Die reeks bevrore produkte wat die Maatskappy versprei, is gedurende die jaar aangevul met 'HarvesTime' bevrore groente, wat in 'n grensgebied in 'n gesamentlike onderneming met H. Jones & Kie geproduseer word.

PERSENEEL

Die Maatskappy se volgehoue vooruitgang oor die jare is grootliks te danke aan die inspanning en lojale samewerking van sy bestuurders en personeel oor die hele land. Die aard van die Maatskappy se besigheid stel hoë eise aan almal en namens aandeelhouders en die Raad dra ek my opregte dank aan hulle oor.

Ook aan my kollegas op die Raad wil ek weereens my waardering uitspreek vir hulle waardevolle bystand en ondersteuning.

Pretoria,
27 April 1973

I. J. D. WENTZEL,
Voorsitter.

1.2 VASTE BATES
op 31 Desember 1972

THE IMPERIAL COLD STORAGE AND SUPPLY COMPANY, LIMITED
EN FILIAALMAATSKAPPE

	<i>Eiendoms- grond en geboue</i>	<i>Geboue en verbeterings op huurpersele</i>	<i>Installasies, masjinerie, toerusting en gereedskap</i>	<i>Motor- en ander voertuie</i>	<i>Meubels en kantoor- toerusting</i>	<i>Handels- beleggings</i>	<i>Totaal</i>
Teen kosprys	R 15 042 000	R 1 669 000	R 19 108 000	R 6 160 000	R 1 526 000	R 3 000 000	R 46 505 000
Teen waarderings op							
31 Desember 1944 ..	89 000	—	—	—	—	—	89 000
1 Julie 1948	82 000	—	—	—	—	—	82 000
31 Desember 1950 ..	200 000	—	16 000	—	1 000	—	217 000
31 Desember 1951 ..	213 000	—	187 000	1 000	—	—	401 000
31 Desember 1959 ..	—	—	—	—	2 000	—	2 000
31 Desember 1960 ..	—	63 000	—	—	—	—	63 000
Teen boekwaarde op							
1 Januarie 1953	983 000	—	561 000	—	29 000	—	1 573 000
	16 609 000	1 732 000	19 872 000	6 161 000	1 558 000	3 000 000	48 932 000
Min: Waardeverminde- ring	1 279 000	457 000	10 803 000	3 695 000	833 000	—	17 067 000
Voorsiening vir ver- mindering in waarde	—	—	—	—	—	367 000	367 000
31 Desember 1972 ...	15 330 000	1 275 000	9 069 000	2 466 000	725 000	2 633 000	31 498 000
31 Desember 1971 ...	13 333 000	1 371 000	8 697 000	2 374 000	675 000	2 562 000	29 012 000

AANTEKENINGE TEN OPSIGTE VAN GEKONSOLIDEERDE WINS- EN VERLIESREKENING

1. Netto handelswins wat R7 484 000 (1971 — R6 215 000) bedra, is bereken na aftrekking van:

	1972	1971
	R	R
Ouditeursvergoeding	90 000	84 000
Waardevermindering en bedrae afgeskryf van vaste bates ..	3 154 000	2 837 000
Rente — op versekerde lenings	73 000	86 000
— op ander lenings	291 000	153 000
Bedrae afgeskryf van klandisiewaarde	628 000	317 000
	<u>4 236 000</u>	<u>3 477 000</u>

2. Geen waardevermindering is afgeskryf op eiendomsgrond en geboue nie, behalwe in die geval van sekere nywerheidsgeboue.

3. Die botter- en kaastransaksies van die maatskappy en sy filiaalmaatskappye is onderworpe aan regstellings, aangesien die finale rekeningstate vir die jaar nog nie van die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid ontvang is nie.

1.3 OPSOMMING VAN GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE

THE IMPERIAL COLD STORAGE AND SUPPLY COMPANY, LIMITED EN FILIAALMAATSKAPPYE

	1972 R-000	1971 R-000	1970 R-000	1969 R-000	1968 R-000	1967 R-000
Netto verkope	191 869	171 230	150 561	139 323	130 023	118 786
Handelswins voor belasting	7 484	6 215	5 828	5 102	5 228	4 364
Handelswins as persentasie van verkope	3,90%	3,63%	3,87%	3,66%	4,02%	3,67%
Netto inkomste uit ander bronne ...	807	599	213	1 196	743	368
	8 291	6 814	6 041	6 298	5 971	4 732
Min kapitaalwinste oorgeplaas na re- serwe	228	150	14	680	543	380
	8 063	6 664	6 027	5 618	5 428	4 352
Min buite-aandeelhoudersbelang in kapitaalwinste	—	28	8	298	30	4
Inkomste voor belasting	8 063	6 636	6 019	5 320	5 398	4 348
Min belasting	3 172	2 586	2 526	2 312	2 033	1 689
Netto wins na belasting	4 891	4 050	3 493	3 008	3 365	2 659
Min bedrag toegewys aan buite- aandeelhouders	346	289	279	222	251	273
Netto uitkeerbare wins toegewys aan aandeelhouders van Imperial-maat- skappy	4 545	3 761	3 214	2 786	3 114	2 386
Voorkeurdividend	55	55	55	55	55	55
Gewone dividend	2 010	1 774	1 715	1 301	1 183	806
Gewone dividend per aandeel	8,5c	7,5c	7,25c	5,5c	5c	3,75c
Netto uitkeerbare wins behou	2 480	1 932	1 444	1 430	1 876	1 525
Netto uitkeerbare wins behou per ge- wone aandeel	10c	8c	6c	6c	8c	7c
Bedryfskapitaal	10 575	10 253	10 641	11 672	10 941	7 346
Verhouding van bedryfsbates tot be- dryfslaste	1,51:1	1,57:1	1,66:1	1,75:1	1,81:1	1,54:1
Boekwaarde van gewone aandeel- houdersbelang	41 134	38 287	35 819	34 342	32 192	26 476
Boekwaarde per gewone aandeel ...	R1,74	R1,62	R1,51	R1,45	R1,36	R1,23
Uitkeerbare wins as persentasie van gewone aandeelhoudersbelang ...	10,92%	9,68%	8,97%	8,11%	9,50%	8,80%

ANTEKENING:

Netto verkope van verwante maat- skappye onder bestuur van die maatskappy	11 735	9 105	7 931	7 368	7 986	8 274
Netto saamgevoegde verkope	203 604	180 335	158 492	146 692	138 009	127 060
Handelswins van verwante maatkap- pye onder bestuur van die maatskappy, voor belasting ..	837	593	433	180	315	39
Saamgevoegde handelswins	8 321	6 808	6 261	5 282	5 543	4 404
Saamgevoegde handelswins as persentasie van verkope	4,09%	3,77%	3,95%	3,60%	4,02%	3,47%

L.4

**GEKONSOLIDEERDE
BALANSSTAAT
op 31 Desember 1972**

(B)

**THE IMPERIAL COLD STORAGE AND SUPPLY COMPANY, LIMITED
EN FILIAALMAATSKAPPE**

	1972 R	1971 R
1. Bedryfsbates		
1.1 Voorrade voorhande en onderweg	11 212 000	11 882 000
1.2 Diverse debiteure en vooruitbetalings, min voorsiening vir twyfelagtige skulde	17 859 000	14 103 000
1.3 Kontant op aanvraag	1 317 000	1 650 000
1.4 Kontant voorhande	<u>1 065 000</u>	<u>653 000</u>
1.5	<u>31 453 000</u>	<u>28 288 000</u>
2. Bedryfslaste		
2.1 Bankoortrekkings	2 638 000	2 499 000
2.2 Korttermynlenings	1 178 000	1 164 000
2.3 Diverse krediteure	13 888 000	11 831 000
2.4 Aandeelhouders vir finale gewone dividend	1 419 000	1 183 000
2.5 Belasting min voorlopige betalings	<u>1 755 000</u>	<u>1 358 000</u>
2.6	<u>20 878 000</u>	<u>18 035 000</u>
3. Bedryfskapitaal (bedryfsbates min bedryfslaste)	10 575 000	10 253 000
4. Vaste bates — ooreenkomstig aangehegte staat (aantekening 1)	31 498 000	29 012 000
5. Klandisiewaarde — teen kosprys min bedrae afgeskryf	138 000	626 000
6. Belang in gesamentlike handelonderneminge	34 000	17 000
7. Handelslenings min bedrae afgeskryf (aantekening 2)	2 568 000	2 343 000
8. Leningsgedeeltes van normale belasting verhaalbaar	882 000	749 000
9. Min vaste verpligtinge (aantekening 1)	45 695 000	43 000 000
10. Min vaste verpligtinge (aantekening 1)	775 000	1 089 000
11. Min belang van buite-aandeelhouders in filiale	44 920 000	41 911 000
12. Belang van aandeelhouders van The Imperial Cold Storage and Supply Company, Limited.	<u>2 786 000</u>	<u>2 624 000</u>
	<u>42 134 000</u>	<u>39 287 000</u>

(B)

		1972	1971
		R	R
Die aandeelhoudersbelang bestaan uit:			
13.	Kapitaal en reserves		
13.1	Gemagtigde aandelekapitaal —		
	500 000 5,5% kumulatiewe voorkeuraandeel van		
	R2 elk	1 000 000	1 000 000
13.2	30 000 000 gewone aandele van 25 sent elk	<u>7 500 000</u>	<u>7 500 000</u>
Uitgereikte aandelekapitaal —			
13.3	500 000 5,5% kumulatiewe voorkeuraandeel van		
	R2 elk	1 000 000	1 000 000
13.4	23 654 400 gewone aandele van 25 sent elk (aantekening 3)	<u>5 914 000</u>	<u>5 914 000</u>
		6 914 000	6 914 000
13.5	Aandelepremierekening (aantekening 4)	3 675 000	3 675 000
13.6	Kapitaalreserwe (aantekening 5)	5 627 000	5 262 000
13.7	Inkomstereserwe	22 212 000	20 712 000
13.8	Onaangewende wins	3 472 000	2 504 000
13.9	Netto bedrag waarmee pari waarde en boekwaarde van netto bates die kosprys van beleggings in filiaalmaatskappye oorskry, min bedrae afgeskryf	<u>234 000</u>	<u>220 000</u>
		<u>42 134 000</u>	<u>39 287 000</u>

AANTEKENINGE:

1. Vaste verpligtinge verteenwoordig lenings wat verseker is deur verbande op grond en geboue met 'n kosprys van R1 817 000 (1971 — R1 677 000).
2. Handelslenings verteenwoordig lenings aan maatskappye waarin aandele as handelsbeleggings gehou word.
3. Onderhewig slegs aan die bepalings van die Maatskappywet, 1926, soos gewysig, het die direkteure onbeperkte bevoegdheid om die oorblywende 6 345 600 gewone aandele uit te reik.
4. Die aandelepremierekening sluit in 'n bedrag van R2 700 000 wat onderhewig is aan die bepalings van artikel 86 (quat) van die Maatskappywet, 1926, soos gewysig (1971 — R2 700 000).
5. Die devaluasie van die Rand in 1972 het 'n surplus van R125 000 meegebring met die omrekening van bates en laste van 'n Rhodesiese filiaal na die Suid-Afrikaanse geldeenheid. Hierdie bedrag is by kapitaalreserwe ingesluit (1971 — R331 000).
6. Buitelandse valuta is teen heersende koerse op 31 Desember 1972 omreken.
7. Daar is voorwaardelike aanspreeklikhede van R492 000 (1971 — R428 000) vir waarborge ten opsigte van maatskappye waarin aandele as handelsbeleggings gehou word, vir die laste van 'n gesamentlike handelonderneming en ten opsigte van die maatskappy se voorsorgfonds.
8. Daar is verpligtinge vir die koste van kapitaalbates van R2 376 000 (1971 — R651 000).

**1.5 GEKONSOLIDEERDE
WINS- EN VERLIES-
REKENING VIR DIE
JAAR GEËINDIG
31 Desember 1972**

(W)

**THE IMPERIAL COLD STORAGE AND SUPPLY COMPANY, LIMITED
EN FILIAALMAATSKAPPE**

		1972		1971	
		R	R	R	R
1.	Netto handelswins		7 484 000		6 215 000
2.	Dividende van handelsbeleggings		533 000		309 000
3.	Winste min verliese by verkope van:				
3.1	Grond, geboue en regte daaraan verbonde	211 000		161 000	
3.2	Masjinerie, toerusting en voertuie	50 000		74 000	
3.3	Klandisiewaarde	—		3 000	
3.4	Handelsbeleggings	17 000	278 000	—	238 000
			8 295 000		6 762 000
4.	Min netto regstelling in voorsiening vir vermindering in waarde van handelsbeleg- gings		4 000	(plus) 52 000	
5.	Wins van groep voor belasting		8 291 000		6 814 000
6.	Belasting bereken op die winste soos aangetoon in hierdie rekeninge:				
6.1	Normale belasting	3 198 000		2 659 000	
6.2	Min bedrag te veel voorsien in vorige belasting- jare	26 000	3 172 000	73 000	2 586 000
7.	Wins van groep na belasting		5 119 000		4 228 000
8.	Min bedrag toegewys as buite-aandeelhouders- belang in filiaalmaatskappye		346 000		317 000
9.	Netto wins van groep toegewys as die belang van aandeelhouders van The Imperial Cold Storage and Supply Company, Limited		4 773 000		3 911 000
10.	Onaangewende wins op 1 Januarie 1972		2 504 000		2 082 000
			<u>7 277 000</u>		<u>5 993 000</u>
TOEWYSINGS EN OORSKOT					
1.	Oordrag na kapitaalreserwe		240 000		160 000
2.	Netto oordrag na inkomstereserwe		1 500 000		1 500 000
3.	Dividende op aandele van The Imperial Cold Storage and Supply Company, Limited:				
3.1	Op voorkeuraandele vir die jaar geëindig 31 Desember 1972	55 000		55 000	
3.2	Op gewone aandele: Tussentydse dividend van 2,5c per aandeel betaal op 13 Desember 1972	591 000		591 000	
3.3	Voorsiening vir finale dividend van 6c per aandeel verklaar op 10 April 1973	1 419 000	2 065 000	1 183 000	1 829 000
4.	Onaangewende wins op 31 Desember 1972		3 472 000		2 504 000
			<u>7 277 000</u>		<u>5 993 000</u>

1.6 GROEPERING VAN BALANSSTAAT EN WINS-EN-VERLIESREKENINGITEMS

Nr.	Besonderhede	Verw.nr.	1972	1971
			R-000	R-000
1.	Bedryfsbates	B.1.5	31 453	28 288
2.	Bedryfslaste	B.2.6	20 878	18 035
3.	Netto tasbare bates	B.12	42 134	39 287
4.	Langtermynlaste:	B.8/10	775	1 089
		B.10/11	2 786	2 624
			3 561	3 713
5.	Totale laste: <i>B. laste</i>	B.2.6	20 878	18 035
	<i>L7 laste</i>		3 561	3 713
			24 439	21 748
6.	Netto bedryfskapitaal	B.3	10 575	10 253
7.	Vaste bates	B.9	45 695	43 000
		B.3	-10 575	-10 253
			35 120	32 747
8.	Netto verkope		191 869	171 230
9.	Voorraad	B.1.1	11 212	11 882
10.	Netto wins	W.9	4 773	3 911
11.	Bruto wins	W.1	7 484	6 215
12.	Getal gewone aandele	B.13.4	23 645	23 654
13.	Voorkeurdiwidend	W.13.1	55	55
14.	Diwidend op gewone aandele	W.13.2	591	591
		W.13.3	1 419	1 183
			2 010	1 774

1.7 TOEPASSING VAN VERSKILLENDE VERHOUDINGS

Netto tasbare bates = Eienaarsbelang/aandeelhoudersbelang

Verhouding	1972	1971
1. $\frac{\text{Bedryfsbates}}{\text{Bedryfslaste}}$	$\frac{31\ 453}{20\ 878}$ = 1,51 : 1	$\frac{28\ 288}{18\ 035}$ = 1,57 : 1
2. Vuurproefverhouding: $\frac{\text{Bedryfsbates} - \text{voorraad}}{\text{Bedryfslaste}}$ $\frac{31\ 453 - 11\ 212}{20\ 878}$ = $\frac{20\ 241}{20\ 878}$	$\frac{28\ 288 - 11\ 882}{18\ 035}$ = $\frac{16\ 406}{18\ 035}$ = 0,97 : 1	$\frac{28\ 288 - 11\ 882}{18\ 035}$ = $\frac{16\ 406}{18\ 035}$ = 0,91 : 1
3. $\frac{\text{Bedryfslaste}}{\text{Netto tasbare bates}}$	$\frac{20\ 878}{42\ 134}$ = 0,50 : 1	$\frac{18\ 035}{39\ 287}$ = 0,46 : 1
4. $\frac{\text{Totale laste}}{\text{Netto tasbare bates}}$	$\frac{24\ 439}{42\ 134}$ = 0,58 : 1	$\frac{21\ 748}{39\ 287}$ = 0,55 : 1
5. $\frac{\text{Langtermynlaste}}{\text{Netto bedryfskapitaal}}$	$\frac{3\ 561}{10\ 575}$ = 0,34 : 1	$\frac{3\ 713}{10\ 253}$ = 0,36 : 1
6. $\frac{\text{Vaste bates}}{\text{Netto tasbare bates}}$	$\frac{35\ 120}{42\ 134}$ = 0,83 : 1	$\frac{32\ 747}{39\ 287}$ = 0,83 : 1

Verhouding	1972	1971
7. $\frac{\text{Netto verkope}}{\text{Voorraad}}$	$\frac{191\ 869}{11\ 212}$ = 17,11 : 1	$\frac{171\ 230}{11\ 882}$ = 14,41 : 1
8. $\frac{\text{Voorraad}}{\text{Netto bedryfskapitaal}}$	$\frac{11\ 212}{10\ 575}$ = 1,06 : 1	$\frac{11\ 882}{10\ 253}$ = 1,16 : 1
9. Gemiddelde invorderingstermyn Totale omset gebruik, aangesien krediet verkope onbekend is.	$\frac{17839}{191869}$ 34 dae	$\frac{14103}{171230}$ 30 dae
10. $\frac{\text{Netto verkope}}{\text{Netto bedryfskapitaal}}$	$\frac{191\ 869}{42\ 134}$ = 4,55 : 1	$\frac{171\ 230}{39\ 287}$ = 4,38 : 1
11. $\frac{\text{Netto verkope}}{\text{Netto bedryfskapitaal}}$	$\frac{191\ 869}{10\ 575}$ = 18,1	$\frac{171\ 230}{10\ 253}$ = 16,7 : 1
12. $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Netto tasbare bates}}$	$\frac{4\ 773}{42\ 134}$ = 11,32%	$\frac{3\ 911}{39\ 287}$ = 9,95%
13. $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Netto verkope}}$	$\frac{4\ 773}{191\ 869}$ = 2,49%	$\frac{3\ 911}{171\ 230}$ = 2,30%
14. Bruto winspersentasie	$\frac{7\ 484}{191\ 869}$ = 3,90%	$\frac{6\ 215}{171\ 230}$ = 3,63%
15. Verdienste per aandeel	$\frac{4\ 773 - 55}{23\ 654}$ = 20 sent per aandeel	$\frac{3\ 911 - 55}{23\ 654}$ = 16,3 sent per aandeel
16. Keer diwidend gedek	$\frac{4\ 773 - 55}{2\ 010}$ = 2,34 keer gedek	$\frac{3\ 911 - 55}{1\ 774}$ = 2,17 keer gedek

17. Uitbetalingsverhouding	$\frac{2\ 010}{4\ 773 - 55} \times 100$ $= 4,26\%$	$\frac{1\ 774}{3\ 911 - 55} \times 100$ $= 4,60\%$
18. Staat van bron en aanwen- ding van fondse, 1972		
<u>Bron van fondse:</u>		
Netto wins (W9) van groep toege- wys aan aandeelhouders van die Imperial Cold Storage & Supply Kie Beperk	4 773	
Waardevermindering afgeskryf van vaste bates (vgl. aantekening W1)	3 154	
Netto bedrag afgeskryf van klandisiewaarde en aandele (vgl. aantekening W1)	632	
Toename in belang van buite- aandeelhouders (B11)	162	
Devaluasie-oorskot (aantekening B5)	125	8 846
<u>Aanwending van fondse:</u>		
Netto kapitaaluitgawes	5 695 ✓	
Toename in handelsbeleggings en lenings (B1, B7)	317	
Toename in belasting verhaal- baar (B8)	133 ✓	
Betaling van diwidende (W13.3)	2 065 ✓	
Afname in vaste verpligtinge (B10)	314 ✓	
		8 524
Toename in bedryfskapitaal		322
<u>Verteenwoordig deur:</u>		
Toename in: Diverse debiteure (B1.2)	3 756	
Kontant voorhande en op aan- vraag (B1.3 & B1.4)	79	3 835

Toename in: Bankoortrekkings en lenings (B2.1 & B2.2)	153	
Diverse krediteure en belastinglas (B2.3, B2.4 en B2.5)	2 690	
Afname in voorraad (B1.1)	670	3 513
		R 322

1.8 KOMMENTAAR OP VERHOUDINGS

Die maatskappy toon 'n verbetering in die vuurproefverhouding (nommer 2). Dit is as gevolg van die verandering in voorrade en die verhoging in debiteure. Bedryfsbates:bedryfslaste (nr.1) toon egter 'n verswakking. Debiteure toon 'n aansienlike verhoging, wat miskien die risikofaktor vergroot (moontlik slegte skuld), maar die beskikbaarheid van kontant is volgens verhoudings 1 en 2 baie hoër.

Die verhouding weerspieël baie duidelik dat die bestuur meer aandag aan die invordering van debiteure moet gee. Die gemiddelde invorderingstermyn (nr.9) het verhoog van 30 dae na 34 dae wat die feit baie duidelik toon. Die bestuur moet hom nie laat mislei deur die feit dat daar 'n verbetering in die vuurproefverhouding is nie. Verhouding bedryfsbates:bedryfslaste (nr.1) en die vuurproefverhouding (nr.2) moet saam met die verhoudings, netto verkope:voorraad (nr.7) en gemiddelde invorderingsperiode

(nr.9) deeglik bestudeer word. Dan sal die feit, soos vermeld, duidelik aan die lig kom.

Gepaardgaande met die opmerkings hierbo, toon verhouding langtermynlaste:netto bedryfskapitaal (nr.5) dat die beskikbaarheid van kontant 'n groot invloed gehad het op die langtermynfinansiering van die maatskappy. Feitlik die hele verbetering van die likwiditeitsposisie is geneutraliseer deur die aflossing van langtermynverpligtinge. Die ideale toestand sou natuurlik gewees het indien meer van die likwiditeitsoorskot vir korttermynfinansiering van die maatskappy behoue kon gewees het. Die maatskappy kan egter nog sy verpligtinge op 'n langtermynbasis nakom.

Bestuur kan hieruit aflei dat hy 'n redelik gesonde finansieringsbeleid toepas.

Die verhoudings bedryfslaste:netto tasbare bates (nr.3) en totale laste:netto tasbare bates (nr.4) spreek vanself deurdat die verbetering in albei verhoudings feitlik dieselfde is.

Vaste bates:netto tasbare bates (nr.6) verdien geen opmerking nie, behalwe dat dit baie gesond is en oor die twee finansiële jare konstant gebly het.

Daar het 'n merkwaardige verbetering in die omsetsnelheid van die maatskappy ingetree. Weens sy bedrywigheide is daar 'n baie klein risikofaktor in sy voorraad opgesluit, en volgens die verhouding voorraad:netto bedryfskapitaal (nr.8) is daar 'n afname van die voorraad in die bedryfskapitaal opgeneem.

Dié opmerking, gelees saam met die feit dat die voorraadomset 1,5 keer per maand hoër is, moet die bestuur laat besef dat hy 'n goeie beheer oor voorrade het en dat sy reklameveldtog geslaag is, naamlik vandaar die goeie netto winsresultate.

Die gemiddelde invorderingsperiode (nr.9) toon 'n styging van vier dae. Daar dien egter op gelet te word dat kredietverkoop nie beskikbaar is nie, en dat die verhouding gebaseer is op totale verkope. Die gevaar bestaan dus dat 'n verkeerde afleiding gemaak kan word. Die debiteure toon, volgens die balansstaat, 'n toename van 26 persent teenoor die vorige jaar. Die gemiddelde voorraadomset was drie keer hoër as in die vorige jaar en die omsetstyging was 12 persent. Die styging in debiteure van 26 persent is dus 'n bietjie onrusbarend gesien in die lig van die vorige twee verhoudings. Die gevolgtrekking is dan dat die debiteure-invorderingstermyn langer geword het. Soos reeds opgemerk, het die styging in debiteure die likwiditeit van die maatskappy verhoog omdat debiteure vloeibaarder is as voorraad. Uit die ontleding wil dit voorkom asof die bestuur 'n waaksame oog oor debiteure sal moet hou.

Die verhoudings netto verkope: netto bedryfskapitaal (nr.11) en nettowins: netto tasbare bates (nr.12) weerspieël 'n baie goeie bestuursbeleid omdat albei 'n aansienlike verbetering toon.

Die netto- en bruto winspersentasie toon noodwendig dieselfde styging wat daarop dui dat die maatskappy 'n baie goeie verhouding tussen sy koste en wins het. Dit weerspieël die feit dat 'n hoër opbrengs per aandeel verdien word en dat die bestuur 'n goeie ewewig wil behou.

Die staat van bron en aanwending van fondse (nr.18) toon aan bestuur dat daar slegs 'n geringe toename van R322 000 in bedryfskapitaal was. Die volgende berekening kan die saak aan bestuur duideliker toon:

	R-000	R-000
Netto wins plus waardevermindering afgeskryf	7927	
Diwidende uitbetaal	<u>2065</u>	5862
Netto kapitale uitgawes	5695	
Toename in handelsbeleggings en lenings	<u>317</u>	<u>6012</u>
		(150)
Afname in vaste verpligtinge		464

'n Bedrag van R632 000 is afgeskryf vir klandisiewaarde. Dit is uit bogenoemde berekening duidelik dat die oorsaak van die aflossing van die vaste verpligtinge die oorsaak is van die lae bedryfskapitaal.

Dit is noodsaaklik dat die bestuur moet let op die invorderings-termy van sy debiteure. 'n Groot gedeelte van die kontant-oorskot is aangewend om langtermynverpligtinge af te los, wat miskien meer voordeliger vir korttermynfinansiering gebruik kon gewees het.

Ten slotte kan gemeld word dat die bestuur beslis die verhoudinge wat hierbo verkry is as hulpmiddel gebruik in die bestuur van die maatskappy, vandaar die goeie resultate in die verhoudinge en die uitstekende netto winsresultate.

LITERATUURLYS

1. ANTHONY, R.N. - *Management Accounting*, 3e uitgawe, Richard D. Irwin Inc., Homewood, 1964.
2. CILLIERS, J.A. - *Inleiding tot Ontleding en Vertolking van Finansiële State*, 2e uitgawe, J.L. van Schaik, Pretoria, 1969.
3. FOULKE, Roy A. - *Practical Financial Statement Analysis*, 6e uitgawe, McGraw-Hill, New York, 1968.
4. GOLDBERG, L. - *An Outline of Accounting*, 4e uitgawe, The Law Book Company of Australia, Sydney, 1957.
5. KELLER, I.W. - *The Return on Capital Concept*, N.A.A. Bulletin, March 1958.
6. LANGHOUT, J. - *Analysis and Interpretation of Accounts*, S.A. Univ. Press, 1968.
7. MYER, J.N. - *Financial Statement Analysis*, 3e uitgawe, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1961.
8. WALKER, E.W. and W.H. BAUGH - *Financial Planning and Policy*, Harper & Row, New York, 1964.